Januarie - Februarie 2003

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 2, No. 1 Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



## *Persoonlik*

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

# Is u seker?

Die meeste mense gaan maar selfvoldaan deur die lewe met idees en oortuigings wat hulle nog nooit BEWYS het nie! Wanneer dit menings oor sportspanne of wie die wêreld se grootste politikus was, wie die mooiste aktrise is of dinge van daardie aard raak, is dit dalk nie te gevaarlik nie.

Wanneer dit egter 'n mens se ewige lewe raak – wanneer dit die hele DOEL van die mens se bestaan raak – dan beter ons absoluut SEKER wees van ons menings. Dit wat ons glo, beter ons bo alle twyfel BEWYS!

Ek onthou my kinderdae in 'n klein mid-westerse stad goed. In die meeste opsigte was my gesin gemiddeld. Die gesin het bestaan uit Ma, Pa, Patty, Kathryn en ek – ek was die oudste kind. Ons het een van die grootste en mees gerespekteerde "algemene kerke" bygewoon. Beide my ouers het hul kwalifikasies aan 'n klein vrye-kunstekollege verwerf wat deur ons kerk geborg is. Hulle was baie toegewy aan die kerk, hoewel nie op 'n opdringerige of fanátiese wyse nie.

Van my vroegste herinneringe is dié van Kersfeesvieringe. Daar is vir my en my susters vertel dat Kersvader die aand voor Kersfees suutjies deur ons skoorsteen sou glip en vir ons geskenkies sou bring. Dit was 'n opwindende tyd – baie geskenke, 'n groot gesinsete en skoolvakansie!

Ons het ook geleer dat die "Paashaas" eiers sou lê en dat ons Paassondag oggende die huis daarvoor moes deursoek. Daar is later vir ons vertel dat Christus uit die dood opgestaan het op Paasdag, maar dít was verseker nie die fokus van ons aandag nie.

In Sondagskool het ons kaarte geteken van die Heilige Land en die "Onse Vader" gememoriseer saam met 'n paar ander sentimentele verse. Toe ons die "Onse Vader" ingedril is, is daar egter nooit aan ons verduidelik wat "laat U Koninkryk kom," of die lewensbelangrike reël "laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde" eintlik beteken nie.

Pleks daarvan is ons geleer dat, indien ons oor die algemeen "soet" seuns en meisies was, ons reguit "hemel toe gaan" wanneer ons doodgaan. Jesus se direkte stelling dat "NIEMAND het opgevaar in die hemel nie" (Johannes 3:13) is nooit bespreek nie. En daar was beslis geen bespreking oor die talle skrifture wat duidelik die Christen se DOELWIT om Christus by te staan met die regering van hierdie aarde beskryf nie – soos in 1 Korintiërs 6:2-3: "Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?"

Die liewe ou dame wat vir ons Sondagskool gegee het, het soos andere na haar, baie vir ons

gesê dat Jesus in gelykenisse gepraat het om die betekenis van dit wat Hy sê duideliker te maak. Klaarblyklik was hierdie liewe dame – soos honderde opregte predikante en leraars – onbewus van Jesus se direkte verduideliking van waarom Hy in gelykenisse gepraat het. "En Hy sê vir hulle: Aan julle is dit gegee om die verborgenheid van die koninkryk van God te ken, maar vir hulle wat buite is, kom alles deur gelykenisse, sodat hulle kan kyk en kyk, en NIE sien nie; en hoor en hoor, en NIE verstaan nie, dat hulle hul nie miskien bekeer en die sondes hulle vergewe word nie" (Markus 4:11-12).

Maar, mag u dalk wil betoog: "Het Jesus nie almal probeer red nie?"

NEE, Hy het nie, vreemd soos dit mag blyk. Want Hy self sê: "NIEMAND kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom NIE trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag" (Johannes 6:44). En ter beklemtoning, het Jesus daardie skokkende stelling herhaal: "Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat NIEMAND na My toe kan kom as dit hom NIE deur my Vader gegee is nie" (vers 65).

Dit, my vriende, is WAAROM die meeste mense op aarde nog nooit enigsins 'n Christen was, of tans is nie. Slegs nagenoeg een derde van die aarde se bevolking bely die naam van Jesus Christus. Tog sê die apostel Petrus: "want daar is

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

**Voorblad: Persoonlik**

**Is u Seker?**

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

**Hoofartikel..........................3**

**Wie is die hoer van Openbaring 17?**

Wie is die geheimsinnige "Hoer" van Openbaring 17? Dit is vir miljoene mense, selfs vir baie teoloë 'n raaisel. Tog bestee die Woord van God die grootste deel van die ganse hoofstuk, insluitende baie verwysings elders, aan hierdie noodsaaklike onderwerp.

**Bestaan daar 'n werklike duiwel?........................................9**

Beïnvloed die wêreld van okkultisme ons jeug en ons samelewing toenemend? Is die duiwel werklik, en indien wel, hoe mislei hy die mensdom?

**Bestaan daar 'n "Plan van God"?......................................13**

Kan u dit uit die Bybel bewys? Het u al ooit na u lewe en wêreldgebeure gekyk en gewonder: "wat gaan wérklik aan? Wat beteken dit alles?"

**Die doel daarvan om "in Tale te Spreek"......................................18**

Glo ons dat God altyd met 'n doel optree? Wanneer ons iets in die Bybel sien wat ons nie verstaan nie, soek ons dieper om die doel te vind?

**Moenie mislei word nie............22**

Bybelse beginsels om te keer dat u mislei word!

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
Gary F. Ehman
**Streeksredakteurs**
Rod McNair (Filippyne)
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Douglas S. Winnail (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 503077
San Diego, CA 92150-3077
Tel: (858) 673-7470
Faks: (858) 673-0310
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALIë:**
GPO Box 772
Canberra, ACT 2601
Tel: (07) 5546 0472
Faks: (07) 5546 0768

**KANADA:**
P.O. Box 27202
Toronto, Ontario, M9W 6L0
Tel: (905) 671-3730
Faks: (905) 671-9599

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 435 3592

**FILIPPYNSE EILANDE:**
MCPO Box 1774
Makati City 1257, Philippines
Tel: 63-2-813-6538
Faks: 63-2-867-1569

**BRITTANJE:**
P.O. Box 9092
Motherwell, ML1 2YD Scotland
Tel/Faks: 44-1698-263-977

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Wie is die hoer van Openbaring 17?

## Deur Roderick C. Meredith

Wie is die geheimsinnige "Hoer" van Openbaring 17? Dit is vir miljoene mense – selfs vir baie teoloë 'n raaisel. Tog bestee die Woord van God die grootste deel van die ganse hoofstuk – insluitende baie verwysings elders, aan hierdie noodsaaklike onderwerp.

Wie ookal hierdie groot "hoer" is, sy is baie magtig. Sy het, en sal in die toekoms, tallose miljoene mense MARTEL. Sy is bestem om die lewens van elkeen van u wat hierdie artikel lees, dramaties te VERANDER! Hierdie hoer sit wydsbeen oor 'n stelsel wat talle nasies en menigtes saamsnoer: "En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale" (Openbaring 17:15). Hierdie hoer bestaan deurlopend tot en met Christus se wederkoms! God se Woord verduidelik die "tien horings" of tien KONINGS (vers 12) wat teen daardie tyd na vore sal tree: "Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou … En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand" (verse 14,16).

Hedendaagse teoloë en Bybelkommentare probeer om "polities korrek" te wees in hul verwysings na die groot Hoer. Let byvoorbeeld op hierdie verduideliking uit die "Expositor's Bible Commentary," Volume 12, bll. 553-554: "In 'n belangrike opsig beheer die vertolking van hierdie hoofstuk die vertolking van die hele boek Openbaring. Vir die meeste Bybelverklaarders verteenwoordig Babilon die stad Rome. Die dier verwys na die Romeinse Ryk met sy onderdanige provinsies en mense as geheel. Die sewe koppe [berge] (vers 9) is die sewe verkose vorstehuise van Romeinse heersers van Augustus tot Domitianus. Die tien konings is hoofde van kleiner en onrustige state wat angstig is om te ontsnap uit die slawerny onder koloniale mag. Johannes se voorspelling van die val van Babilon is sy aankondiging van die dreigende verbrokkeling van die Romeinse Ryk in alle aspekte."

Hoewel hierdie geleerdes baie opreg mag wees, is dit verbasend dat hulle òf onwillig òf nie in staat is om te sien dat die "vrou" – die groot hoer – die Dier (hedendaagse Babilon) "RY" nie. Sy word duidelik uitgebeeld as een wat onmiskenbaar APART van die Dier is – die ryk van tien finale konings wat hul mag en krag oorgee aan die een superdiktator genaamd "die Dier." Dit is dus duidelik dat die vrou nie die Dier kan "ry" én terselfdertyd die Dier kan wéés nie!

Talle geleerdes besef egter wel dat die Dier van Openbaring 17, die Romeinse Ryk en sy "herlewings" in verskeie vorme is. Vir 'n boeiende en deeglike verduideliking aangaande die identiteit van hierdie "Dier" van Openbaring 17, kan u gerus skryf om 'n eksemplaar van ons boekie genaamd "Die Dier van Openbaring" te ontvang. Dit sal GRATIS aan u gestuur word indien u dit versoek.

### Wie IS hierdie "Vrou"?

Verstaan asseblief mooi. Regdeur die Nuwe Testament word die term "vrou" deurgaans gebruik as simbolies vir 'n kerk. Die apostel Paulus skryf byvoorbeeld aan die Kerk van God in Korinte: "Ag, as julle my net 'n bietjie in my dwaasheid wou verdra! Verdra my tog maar! Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel" (2

Korintiërs 11:1-2). Die ware Kerk word hier beskryf as "verbind" tot Jesus Christus, in die posisie van 'n verloofde vrou aan haar aanstaande, wat Jesus Christus is.

In Efesiërs 5:23-24 skryf Paulus: "Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees." Dié vergelyking identifiseer weer die ware Kerk in die posisie van 'n vrou – een wat onderdanig is aan haar man, Christus. In Openbaring 12:1-5 lees ons ook die besielende verhaal van die "vrou," dié keer as antieke Israel, die "VERGADERING [kerk] in die wildernis" (Handelinge 7:38), wat deur God gebruik is om die Messias voort te bring: "'n manlike kind …, wat al die nasies met 'n ystersepter sou REGEER."

Vers 6 hervat die vertelling oor die "vrou," nou die ware Nuwe Testamentiese Kerk, wat vlug na die woestyn na "'n plek wat deur God gereedgemaak is." Die daaropvolgende verse maak dit selfs nog duideliker dat hierdie "vrou" inderwaarheid die ware Kerk van God is wat deur God Self beskerm word teen die woede van Satan.

Wanneer ons dus kom by die "vrou" van Openbaring 17, behoort dit voor die hand liggend te wees, as ons die Bybel toelaat om sy eie simbole uit te lê, dat hierdie vrou inderdaad 'n kerk is! Hierdie kerk, wat "op 'n skarlakenrooi dier sit" (vers 3), is egter waarlik 'n geestelike "hoer."

Sy het gehoereer met die leiers en konings van hierdie wêreld (vers 2) en die bewoners van die aarde het geestelik "dronk" geword vanweë haar valse leerstellings. Sy is die "moeder" kerk, wat geboorte skenk aan geestelike "hoere" (vers 5). Soos aangedui, word sy vereenselwig met "verborgenheid," soos ook die antieke heidense gelowe voor haar.

## 'n VERVOLGINGSKERK

Hierdie "vrou" is ook 'n kerk van groot VERVOLGING. Die apostel Johannes is geïnspireer om te skryf: "En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien" (vers 6).

Dink asseblief hieroor na!

Wie is hierdie groot gevalle vrou – 'n magtige kerk – wat dronk was en weer eens "dronk sal wees van die bloed van die HEILIGES"? Sy vervolg klaarblyklik die ware Christene – die ware "heiliges" van God. Hulle word beskryf in Openbaring 14:12: "Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof van Jesus bewaar."

In teenstelling met die gebodsonderhoudende Kerk van God, VERWERP hierdie groot afvallige kerk en haar "dogter" kerke die nodigheid om die Tien Gebooie te onderhou as 'n LEWENSWYSE! In hul geestelike dronkenskap redeneer hulle op die een of ander wyse rondom die eenvoudige en duidelike leringe van Jesus: "Maar AS jy in die lewe wil ingaan, ONDERHOU die gebooie" (Mattheus 19:17).

Lees ons geskiedkundig van 'n groot kerk wat miljoene mense gedurende die Middeleeue vervolg het? Het so 'n kerk weliswaar bestaan?

In sy behoorlik nagevorsde boek, A Woman Rides the Beast (bll. 243-244) beskryf skrywer Dave Hunt wat die "vrou" vir honderde jare gedurende die Middeleeue gedoen het:

"So het die Rooms-Katolieke geloof 'die mees vervolgende een geword wat die wêreld nog ooit gesien het … [wat aangedring het daarop] dat die troon die Christen [Katolieke] geloof afdwing op al sy onderdane. Innocentius III het baie meer Christene vermoor in een agtermiddag … as wat enige Romeinse keiser gedoen het tydens sy ganse heerskappy'." Will Durant skryf openlik: 'Vergeleke met die vervolging van dwaalleer in Europa van 1227 tot 1492, was die vervolging van Christene deur die Romeine gedurende die eerste drie eeue na Christus 'n matige en menslike prosedure.'

Deur die nodige toegewings te maak wat van 'n historikus verwag kan word en wat toegelaat word deur 'n Christen,

moet die Inkwisisie, tesame met die oorloë en vervolgings van ons tyd, geklassifiseer word as een van die donkerste vlekke opgeteken in die geskiedenis van die mensdom, wat 'n brutaliteit onthul ongekend in enige dier.

Toe Johannes dus hierdie "vrou" of afvallige kerk "dronk met die BLOED van die heiliges" gesien het, het hy beslis nie oordryf nie. Selfs menige Katolieke skrywers was al besonder verleë oor dit wat hul kerk vir honderde jare beoefen het. Met die uitgebreide argiewe wat nou bekend is – priesters wat jong manne gesodomiseer het, talle pouse wat openlik minnaresse aangehou en buite-egtelike kinders dwarsoor Italië verwek het en hoë poste wat in die kerk aangebied en verkoop is vir geld – blyk dit vir baie objektiewe historici dat hierdie magtige kerk die onomwonde verpersoonliking van boosheid in bykans elke opsig was.

**Daniël se "ander horinkie"**

Die profeet Daniël is geïnspireer om hierdie smerige godsdienstige stelsel as 'n "ander horinkie" te beskryf. Ná die vier groot heersende koninkryke van die Heidense wêreld – Babilon, Mede-Persië, Alexander se Grieks-Macedoniese Ryk en uiteindelik Rome – beskryf Daniël 'n "ander horinkie" wat tussen die vorige oplewings van die Romeinse Ryk opkom: "Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing was oë soos mens-oë, en 'n mond wat groot dinge spreek" (Daniël 7:8).

In verse 25-27 van dieselfde hoofstuk is Daniël geïnspireer om die optrede van hierdie verwaande "ander horinkie" te beskryf en hoe dit sal voortduur tot en met die wederkoms van Christus en Sy HEERSKAPPY oor die nasies: "En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd. Maar die gereg sal sit, en hulle sal hom die heerskappy ontneem om dit vir goed te verdelg en te vernietig. Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees."

Let daarop dat hierdie "ander horinkie" anders is as die heidense ryk (vers 24), aangesien dit eintlik 'n GODSDIENSTIGE ryk is! Let ook daarop dat hierdie smerige stelsel se menslike leier "groot dinge" spreek teen God, ware Christene vervolg en beplan om TYE en die WET te verander. Dit is 'n regstreekse verwysing na die feit dat die Katolieke Kerk die idee koester dat die Tien Gebooie opgeneem is onder kerkgesag en dat hulle God se beveelde sewendedaagse Sabbat (Eksodus 20:8-11; Hebreërs 4:9-11) VERANDER het. Hulle het God se Sabbat vervang met die heidense "dag van die son."

Die welbekende eietydse historikus, Will Durant, skryf: "Die ernstige stemming van die Joodse Sabbat is verplaas na die Christelike Sondag wat dit vervang het in die tweede eeu" (The Story of Civilization, volume 3, 1972, bl. 599). Hoe het dit gebeur? 'n Rooms-Katolieke studiekursus vertel ons dat "die [Roomse] Kerk die verpligting verplaas het van Saterdag na Sondag" (Father Smith Instructs Jackson). Die Catholic Mirror stem saam: "Die Katolieke Kerk … uit hoofde van haar Goddelike missie, het die dag van Saterdag na Sondag verander" (23 September 1893). Indien u meer inligting verlang aangaande die ware Bybelse Sabbat, skryf asseblief vir ons kragtige en insiggewende boekie, "Watter dag is die Christelike Sabbat?"

**Die pousdom voorspel**

Soos ons gesien het, is die "ander horinkie" van Daniël beskrywend van die valse kerk en veral haar segsman, die pous, wat "groot dinge" teen God spreek. In die Nuwe Testament inspireer God die apostel Johannes om die "herlewing" van die laaste Dier, die Romeinse Ryk, te beskryf (Openbaring 13:1-10). Dan, in verse 11-14, word "'n ander dier"

beskryf wat opkom, wat soos 'n "Lam" of soos Christus lyk, maar soos 'n "draak," Satan die duiwel, praat (Openbaring 12:9). Hierdie uitsonderlike slim en onheilspellende VALSE PROFEET oefen al die mag van die eerste dier [die herleefde Romeinse Ryk] in sy teenwoordigheid uit en veroorsaak dat die aarde en die wat daarop woon die eerste dier, waarvan die dodelike wond genees is" aanbid. Met ander woorde, hierdie groot valse profeet is in staat om die meeste van die mensdom te oorreed om die herleefde Romeinse Ryk te eer en GEHOORSAAM!

Dan lees ons: "Hy doen ook groot TEKENS, sodat hy selfs VUUR uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy VERLEI die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het" (verse 13-14).

Namate hierdie stelsel ontwikkel sal 'n "man van sonde" geopenbaar word; iemand wat vermetel genoeg is om vir homself die titels en gesag toe te eien wat slegs aan GOD behoort. Hy sal as 'n ware "god" in die tempel van God sit – en sommige van die titels van God gebruik. Trouens, hoewel Jesus vir God "Heilige Vader" noem, noem die Rooms-Katolieke die pous "Mees Heilige Vader" en "die plaasvervanger van Christus" – wat letterlik beteken "in die plek van Christus."

Dave Hunt beskryf die godslasterlike aansprake van die pousdom:

"Die algehele onderdanigheid wat Rome vereis, is deur vele pouse uitgespreek, maar geeneen het dit duideliker gestel as Nicholas I (858-67) nie:

'Dit is duidelik dat die pouse nòg gebind nòg ontbind kan word deur enige aardse mag, nie eens deur dié van die apostel [Petrus], as hy sou terugkeer na die aarde nie, aangesien Konstantyn die Grote erken het dat die pouse die plek van God op aarde beklee, waarvan die goddelikheid daarvan nie geoordeel kan word deur enige lewende wese nie. Ons is dus onfeilbaar, en wat ook al ons optredes is, is ons voor niemand daarvoor aanspreeklik behalwe onsself nie'" (A Woman Rides the Beast, bll. 153-154).

Sodoende het die pouse aanspraak gemaak daarop dat hulle "die plek van God op aarde" beklee! En wat selfs meer angswekkend is, is dat hulle voortgaan om sulke aansprake te maak – en selfs daarmee wegkom in ons sogenaamde "moderne" wêreld. Omdat die Rooms-Katolieke Kerk so 'n alomteenwoordige en magtige entiteit is, is die media gewoonlik versigtig om selfs die mees verregaande en godslasterlike aansprake van die moderne pouse en geestelikes aan te val.

Maar hoe is dit alles bestem om u lewe te raak?

**Die Dier en die Vrou – weereens saam**

Min mense besef dat die sogenaamde "Heilige" Romeinse Ryk besig is om reg onder ons neuse te herleef! Dwarsdeur die grootste deel van kontinentale Europa is daar groot druk vir algehele Europese eenheid. Een van die grootste rolspelers in hierdie geo-politiese skaakspel is – reg geraai! – die pous self.

In sy gedetailleerde en onthullende boek, The Principality and Power of Europe (bll. 36-37), verduidelik die Britse skrywer Adrian Hilton wat besig is om te gebeur:

"Met sy besoek aan Oostenryk in 1983 het die pous hom téén nasionale en kunsmatige grense dwarsoor Europa uitgespreek. Hy het bygevoeg:

'Europeërs moet die dreigende internasionale konfrontasies van state en alliansies oorkom en 'n nuwe verenigde Europa skep wat strek vanaf die Atlantiese Oseaan tot by die Oeral-gebergte.'

In 1988 gaan hy voort met hierdie tema toe hy die Europese parlement in Strasbourg toegespreek het; 'n geleentheid waar talle mense gevra het waarom 'n pertinente geestelike leier, sake van politieke eenheid bespreek het. In 1991 som die Sunday Telegraph die pous se planne vir

die 'evangelisasie' van Europa soos volg op:

'Hy is stadig besig om die dekmantel aan te neem wat hy ernstig beskou as sy Goddelike Reg – as nuwe Heilige Romeinse Keiser, wat heers vanaf die Oeralgebergte tot by die Atlantiese Oseaan'."

Hoewel die Bybel definitief nie aandui dat die laaste pous die "keiser" van hierdie herleefde Heilige Romeinse Ryk sal wees nie, dui dit egter duidelik daarop dat hy die "mag agter die troon" sal wees. Soos God duidelik aan ons toon, "veroorsaak" die komende valse profeet dat almal wat nie hierdie stelsel aanbid nie, "GEDOOD word" (Openbaring 13:15). Dus, soos baie pouse in die Middeleeue gedoen het, sal hy die mag van die staat – die "Dier" – gebruik om sy wil op die ganse westerse wêreld af te dwing!

Onthou u wat onder Adolf Hitler gebeur het? 'n Klop aan die deur en 'n ma of pa word gegryp en deur die staatspolisie in 'n trok geboender omdat hulle die een of ander "polities verkeerde" ding gedoen of kwytgeraak het! Dink u dit kan NIE wéér gebeur nie? Indien wel, kan u nie meer verkeerd wees nie!

Die God wat aan ons lewe gee, beskryf duidelik hoe die vrou weer eens die Dier "ry." Die meeste mense besef nie dat die valse leringe en gebruike van hierdie gevalle "vrou," die HELE wêreld deurtrek het nie. Dit is presies wat Johannes geïnspireer was om te skryf: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die HELE WÊRELD verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openbaring 12:9).

Selfs opregte Protestante en Luthersgesindes is onwetend geestelik DRONK gemaak deur die heidensheid van hierdie stelsel: "en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery" (Openbaring 17:2). Wat elke leser moet besef is dat SATAN die onsigbare "god" van hierdie huidige wêreld is (2 Korintiërs 4:3-4) en dat "alle nasies" geestelik DRONK is.

Ter beskrywing van hierdie volledige stelsel en die "hoerdogters" wat uit die "moeder" Rome voortgekom het, sê die gerespekteerde Critical and Experimental Commentary die volgende:

"Nie slegs Rome nie, maar die Christendom as geheel het, net soos Israel as geheel, 'n hoer geword … Eksterne omvangrykheid regoor die wêreld, en interne meegaandheid daarmee saam – wêreldsgesindheid by uitstek en inhoud – word gesimboliseer deur die wêreldstad se naam, 'Babilon'" (Volume 6, bl. 710).

**Wat u moet DOEN**

Onlangse nuusberigte uit baie lande dui aan dat Rooms-Katolieke vervolging van godsdiensminderhede voortgaan. Hoewel die Rooms-Katolieke Kerk geleer het om te glimlag en welgevallig op te tree teenoor nasies waar Protestante of ander godsdienste in die meerderheid is, kom die ou duiwels van haat en outoritarisme vinnig na vore wanneer hulle in beheer is.

'n Onlangse artikel in die Christianity Today tydskrif (Augustus 2000, bl. 30) doen verslag: "In Maart is ongeveer 70 Protestante gesinne uit die Mexikaanse nedersetting Plan de Ayala, in die staat Chiapas, gesit deur die dorp se Rooms-Katolieke meerderheid. 'Veertien huise is deur 'n skare verwoes toe die Protestante na die heuwels gevlug het vir beskerming,' vertel Sewendedag Adventiste se pastoor Isias Espinosa." Hierdie is slegs 'n klein voorsmakie van die soort godsdiensverdrukking wat deur hierdie magtige kerk beoefen word! En haar leiers beklemtoon steeds dat hulle die ENIGSTE ware kerk is, dat andere in effek slegs "tweederangse Christene" is. Let op hierdie verslag van 5 September 2000 deur Victor Simpson van die Associated Press:

"In sy beskuldiging van sekere Katolieke teoloë dat hulle die fundamentele waarhede van die kerk manipuleer, het die Vatikaan Dinsdag, wat genoem word toenemende pogings om alle godsdienste as gelyk uit te beeld, verwerp … die Vatikaan verwys ewenwel na die 'persoonlike waardigheid' van

individue en nie van leerstelling nie. Dit is die tweede onlangse dokument deur die gemeente [die Rooms-Katolieke 'Gemeente vir die Leerstelling van die Geloof'] wat waarsku teen misbruik deur Katolieke in hul handelswyses met ander gelowe en denominasies. Die Italiaanse media berig dat die gemeente ook waarsku teen die term 'susterskerke' en sê dat dit die Katolieke Kerk se identiteit as 'MOEDER' VAN ALLE KERKE weerspreek. Daardie dokument is nog nie vrygestel nie. Kardinaal Joseph Ratzinger het herhaaldelik tydens 'n nuuskonferensie verwys na 'n neiging in die rigting van GODSDIENSTIGE RELATIVISME."

"Die gebrek aan eenheid tussen Christene is sekerlik 'n wond vir die kerk," lees die dokument, en dit noem dat sodanige gebrek aan eenheid "DIE ALGEHELE VERVULLING VAN HAAR UNIVERSALITEIT IN GESKIEDENIS" verhinder.

Die verklaring wat 'n komplekse teologiese dokument is, is getiteld "On the Unity and Salvific Universality of Jesus Christ and the Church."

Dus erken die Rooms-Katolieke Kerk nie slegs dat dit die "MOEDER" van alle belydende Christenkerke is nie, dit dring selfs daarop aan! Hul dring ook daarop aan dat sy alleen die "sleutels" tot God se Koninkryk besit!

Dit is waarlik tyd om WAKKER TE SKRIK!

Dit is tyd vir almal wat in God glo om terug te keer en te BEWYS of hul godsdiensgelowe en -gebruike werklik uit die Bybel kom – of uit "Babilon." Want God die Skepper vertel almal wat wil luister: "omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid. En ek het 'n ander stem uit die hemel gehoor sê: GAAN UIT haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar PLAE ontvang nie" (Openbaring 18:3-4).

Ek wil u in Christus se naam aanspoor: begin asseblief om u Bybel te BESTUDEER soos nog nooit tevore nie! Doen uself ook die guns en skryf in vir ons absoluut GRATIS bemoedigende en hulpvaardige Bybelstudiekursus genaamd Die Wêreld van Môre. Bestudeer hierdie kursus en volg Paulus se geïnspireerde vermaning: "BEPROEF alle dinge; behou die goeie" (1 Thessalonicense 5:21).

Ek spoor u weer aan om dadelik te skryf en u GRATIS eksemplaar van ons onthullende boekie genaamd Die Dier van Openbaring aan te vra. Hierdie boekie – tesame met hierdie artikel wat u nou lees – sal vir u die volle prent skilder en die aard van die magtige en dreigende magte wat nou in Europa vorendag kom, BEWYS.

Soos Jesus gesê het: "Waak." Hou u oë op die herlewing van die Heilige Romeinse Ryk. "Waak" en sien hoe dit stadig maar seker begin om algehele mag in die grootste gedeelte van Europa te bekom en dan na Sentraal en Suid-Amerika versprei om uiteindelik oor feitlik die hele wêreld te heers. "Waak" en sien hoe ander kerke bietjie vir bietjie, geflikflooi, oortuig of uiteindelik gedwing word om terug te keer na die "moeder" kerk. Om die waarheid te sê sal u teleurgesteld wees om te sien hoe baie sogenaamd toegewyde Protestante en evangelistiese leiers slim gemanipuleer word om soveel van dit waarin hulle altyd geglo het, prys te gee wanneer werklike DRUK op hulle toegepas word.

Sal u ook u rug op die God van die Bybel keer?

Vir u eie ewige welstand, bid vir ware begrip, geloof en moed. Gehoorsaam Jesus se opdrag: "Waak dan en BID altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36).§

# Bestaan daar werklik 'n duiwel?

## Deur Richard F. Ames

*Beïnvloed die wêreld van okkultisme ons jeug en ons hele samelewing toenemend? Is die duiwel werklik, en indien wel, hoe mislei hy die mensdom?*

Die jeugkultuur raak toenemend meer betrokke by die okkulte. Heksery word geromantiseer soos kinders saamkloek vir elke nuwe Harry Potter-boek en tieners hul televisie inskakel op "Buffy, the Vampire Slayer." Tienermusiek verheerlik dikwels die duiwel en gewapende hoërskoolleerlinge het al selfs in sy naam moord gepleeg.

In sommige intellektuele kringe is dit nie meer in die mode om te glo dat die duiwel bestaan nie, terselfdertyd vind baie andersins intelligente mense dit avontuurlustig en opwindend om te probeer om die duistere wêreld te kontak. Wat sê die Bybel oor hierdie baie belangrike onderwerp? Indien daar 'n wêreld van demone en 'n werklike duiwel bestaan, moet u weet hoe om sodanige invloed te weerstaan en te oorwin.

U Bybel verduidelik waarom daar so baie probleme en boosheid in die wêreld is. Ons lees in Openbaring: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openbaring 12:9).

Hier beskryf u Bybel 'n kragtige geesteswese, genoem die duiwel en Satan, as 'n "groot draak" en "die ou slang" en ons kom die ongelooflike waarheid te wete wat so min mense vandag glo – *dat hy die hele wêreld verlei het*.

Hoe het hy dit gedoen? Christene moet sy strategieë en taktiek leer ken. Maar eers moet ons verstaan hoe hy ontstaan het. Het God die duiwel geskep?

Twee hoofstukke in die Bybel, Jesaja 14 en Esegiël 28, beskryf Satan se ontstaan. Jesaja profeteer van 'n eindtydse koning van Babilon wat 'n herrese Romeinse Ryk sal regeer (beskryf in Openbaring 13, 17 en 18), maar die *sinnebeeld*, die menslike koning wat genoem word, gaan oor in 'n *teenbeeld*, Satan die duiwel, wat ook Lucifer genoem word. "Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! En jý het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!" (Jesaja 14:12-14).

Lucifer is neergevel na die aarde. Hy het toegelaat dat ydelheid en gierigheid rebellie teen God aanwakker. Hy wou God van Sy troon ontneem, maar hy het misluk en het steeds sy troon op die aarde. Die naam Lucifer is 'n Latynse woord, vertaal as "môrester." Jesus sê: "Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val" (Lukas 10:18). Lucifer, die ligbringer, het die bringer van donkerte geword.

Die apostel Paulus verduidelik dat baie mense verblind is vir die ware evangelie en die waarheid van die Bybel. "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, *naamlik* die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie" (2 Korintiërs 4:3-4). Let daarop dat Lucifer nadat hy neergevel is en Satan geword het, "die god van hierdie wêreld" geword het.

God het nie die duiwel geskape nie, maar hy het al die engele geskape. Hy het drie gerubs of aartsengele geskep, naamlik Lucifer, Migael en Gabriël (die gerub Migael word in Judas 9 'n aartsengel genoem), en elk van hulle het

blykbaar een derde van die engele gelei. Ons lees dat die draak, Satan, na die aarde neergewerp is met een derde van die engele. "En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi" (Openbaring 12:3-4). Soos in ander artikels al beskryf is, is sterre 'n simbool vir engele (vergelyk Openbaring 1:20). Een derde van die engele het Satan gevolg en demone geword.

**Esegiël 28 – Sinnebeeld en teenbeeld**

Die profeet Esegiël beskryf Lucifer se oorspronklike verantwoordelikhede en gevolglike ondergang. Net soos in Jesaja 14, sien ons weereens die sinnebeeld en die teenbeeld. Die Koning van Tirus is die sinnebeeld en die gerub wat Satan geword het, is die teenbeeld. "Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. Jy was 'n gerub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is. Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gerub wat beskut! Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien" (Esegiël 28:12-17).

Lucifer was 'n geskape wese met verantwoordelikhede oor die aarde lank voor mensewesens geskep is. Hy het die vrye keuse gehad om te gehoorsaam al dan nie, net soos wat mense die mag het om reg of verkeerd te kies, maar Lucifer het gerebelleer – hy het geweier om die wil en regering van God uit te voer. Soos Esegiël skryf: "Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is."

So sien ons dus dat God Satan, die duiwel, nie geskep het nie. Hy het die gerub of aartsengel, Lucifer, geskep wat God se regering verwerp het en sy karakter as 'n bose, sondige wese afgesluit het en in rebellie *homself* in Satan die duiwel *verander het*.

Adam is die geleentheid gebied om Satan as heerser van hierdie wêreld te vervang, maar Adam en Eva het oorgegee aan die versoeking en het gesondig. Let daarop dat Satan *eerste* gesondig en geval het. Adam en Eva en elke mens behalwe Jesus Christus – Immanuël, God in die vlees – het gesondig. Die Bybel vertel ons: "Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God" (Romeine 3:23).

'n Tweede Adam, Jesus Christus, moes die duiwel weerstaan en hom oorwin. Die Bybel vertel ons dat Jesus, nadat Hy 40 dae lank gevas het, fisies verswak was, maar steeds met die duiwel 'n stryd kon voer met behulp van skrifture. Jesus weier om Satan te gehoorsaam en gee hom uiteindelik 'n opdrag: "Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien" (Mattheus 4:10).

Jesus het bewys dat Hy nie sou ingee teen die duiwel nie. Jesus is in alle opsigte soos ons versoek, maar sonder sonde (vergelyk Hebreërs 4:15). Hy het bewys dat Hy die karakter en regverdigheid het om die aarde te regeer. Wanneer Jesus as Koning van konings terugkeer, sal Hy Satan as vors van hierdie aarde vervang en hom vir 1 000 jaar verban. Maar tot dan sal Satan voortgaan om die hele wêreld te mislei. Mislei hy u dalk?

**'n Engel van die lig?**

Een van Satan se grootste misleidings, is die vals mening dat hy nie bestaan nie. Tog neem

baie mense deel in okkulte godsdienste wat Satan, sy demone of 'n verskynsel van boosheid openlik aanbid. Sommige hekse en towenaars beoefen dodelike rituele, selfs menslike offerandes. Maar God het antieke Israel gewaarsku om al hierdie vorme van heidensheid en Satanisme te verwerp. "As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie. Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan – wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE 'n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit. Opreg moet jy wees met die HERE jou God. Want hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaars en waarsêers; maar wat jou aangaan, die HERE jou God het jou nie so iets toegelaat nie" (Deuteronomium 18:9-14).

God waarsku ons om okkultiese praktyke en heidensheid te verwerp. Tog word hierdie praktyke toenemend meer algemeen, selfs aanvaarbaar, in die samelewing. 'n Geskatte 50 000 mense in Amerika alleen, beoefen "Wikka," 'n vorm van veelgode natuuraanbidding wat so goed gevestig is dat die Amerikaanse Weermag se kapelaanskantoor nou pastorale dienste aan millitêre Wikkane bied ("*Witchcraft Gets Army's Blessing*," *Chicago Tribune*, 18 Junie 1999). 'n Bemarkingsbestuurder van bekende boekverkoper *Barnes and Nobel* het onlangs geskat dat hulle 'n Amerikaanse "heidense" koperstal van 10 miljoen het. Sommige moordenaars wat nog in die hoërskool is, word selfs deur die okkulte godsdiens beïnvloed. Ja, een van Satan se grootste misleidings is deur godsdiens self! Die apostel Paulus onthul hierdie taktiek en wys uit dat Satan hom nie altyd soos 'n slang of draak voordoen nie, maar hom as 'n engel van die lig sal vermom! "Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke" (2 Korintiërs 11:13-15).

Satan, die vors van donker, kan hom as 'n engel van die lig voordoen, nie net as die stereotipiese donker mag van okkulte aanbidding nie. Die apostel Paulus waarsku dat Satan sy eie leraars het wat as dienaars van geregtigheid voorkom. Dit is waarom ons u uitdaag om ons nie net te glo omdat ons die een of ander waarheid aanvoer nie. Ons pleit by u om na u Bybel te gaan vir die waarheid. Onthou u die Bereane van Handelinge 17:11? Lukas skryf dat hulle "elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was." Ons almal het nodig om dit doen!

Sommige geestelikes mag opreg wees, maar opreg mislei. Sommige predikante preek dat u nie nodig het om die Tien Gebooie te onderhou nie; hulle stel gehoorsaamheid aan God se wet verkeerdelik gelyk aan verlossing deur werke! Maar indien enige predikant vir u sê dat u God nie hoef te gehoorsaam nie, vra hom of hy rebellie teen God goedpraat. Die apostel Petrus skryf: "Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is?" (1 Petrus 4:17).

Die apostel Paulus waarsku ook diegene wat God se waarheid verontagsaam. "Maar aan die wat eiesinnig en aan die waarheid ongehoorsaam, maar aan die ongeregtigheid gehoorsaam is – grimmigheid en toorn; verdrukking en benoudheid oor die siel van elke mens wat kwaad doen, oor die Jood eerste en ook oor die Griek" (Romeine 2:8-9). Die Bybel onderrig duidelik *gehoorsaamheid* aan die waarheid, die evangelie, die Tien Gebooie en aan God se geregtigheid. Valse godsdiens is een van Satan se misleidings. Hy doen hom voor as 'n engel van die lig, maar lei miljoene mense weg van die *ware* lig van

die Bybel.

**Satan konsentreer op ons swakhede**

Die duiwel wil ook munt slaan uit ons menslike natuur wat reeds vol ydelheid, selfsug, gierigheid, jaloesie, nyd en wellus is! Daar is 'n bose invloed wat, soos die apostel Paulus dit stel "nou in die kinders van ongehoorsaamheid werk." Paulus skryf van ons verlossing, deur Christus, van ons vorige deelname in die wellus van die menslike natuur. "En julle *het Hy lewend gemaak* wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk, onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander" (Efesiërs 2:1-3).

Ons moet in ons eie natuur ons menslike swakheid en neiging tot sonde herken. Dit is waarom ons 'n lewende Verlosser nodig het, om ons te bevry van ons vorige sondes en om ons die krag te gee om die invloed van die wêreld, Satan en ons eie menslike natuur te oorwin!

Sommige Christene stry teen hul onbeheerste woede. Sommige mense wat te na gekom is laat hul gevoelens in bitterheid, kwaadwilligheid, woede, vyandigheid en haat omskakel. Ons moet kwaad word vir boosheid en Satan se doen en late, maar ons moet nooit 'n ander mens haat nie. Ons moet hul goddelose optrede en gesindheid verafsku, maar selfs ons vyande liefhê, soos Jesus in Mattheus 5:44 leer.

Wees gewaarsku. Satan kan u beheer, indien u nie u woede beheer nie. "Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie; en gee aan die duiwel geen plek nie" (Efesiërs 4:26-27). Onbeheerste woede kan lei tot sataniese bitterheid en enigiemand wat hom deur woede laat verteer kan in die poel van vuur eindig. Moenie toelaat dat Satan u onderkry nie. Leer om in vrede met andere te leef. Ons lees: "Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie; en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie" (Hebreërs 12:14-15).

Selfs baie Christene staar probleme en spanning in die gesig as gevolg van seerkry en misbruik in die verlede. Hulle laat toe dat 'n wortel van bitterheid by hulle posvat. Hulle wil aan die pyn van die verlede vasklou en selfs die een of ander verbeelde wraak koester. Maar wat sê God? "Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here" (Romeine 12:19). God sal uiteindelik alle onbekeerde sondaars regverdig oordeel en straf oplê. Maar Christene moet leer om te vergewe! Jesus onderrig ons in die modelgebed om God te vra om ons "sondes te vergewe, soos ons ook ons skuldenaars vergewe" (Mattheus 6:12). Bid u op hierdie wyse? Bid vir u vyande. Leer om uself los te maak van die verlede en te vergewe. U sal Satan in die wiele ry en u sal nie toegee tot sy gesindheid van kwaadwilligheid en wraak nie!

**Satan se noodlot – en Christene se oorwinning!**

Ons het 'n paar van die duiwel se strategieë gesien en ook hoe om sy misleidings te vermy. Besef dat Satan se noodlot reeds vasgestel is. Met die laaste oordeel sal al die goddeloses in die poel van vuur verteer word. Satan en sy demone sal ook in die poel van vuur gewerp word. "Dan sal Hy ook vir dié aan Sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele" (Mattheus 25:41).

Ons sien uit na die dag wanneer alle boosheid van hierdie aarde verban sal wees. Ons bid: "Laat U koninkryk kom!" Tot dan sal Satan en sy demone voortgaan om, wie hulle ook al kan, aan te val en te mislei. Wat kan u doen om hierdie bose mag te oorwin? Christene moet die invloed van die wêreld, die mag van Satan en sy demone, asook hul eie menslike natuur oorwin.

Eerstens moet ons 'n innige verhouding met God en Christus

**Vervolg op bladsy 21**

# Bestaan daar 'n "Plan van God"?

## Deur Douglas S. Winnail

*Het u al ooit na u lewe en wêreldgebeure gekyk en gewonder: "Wat gaan wérklik aan? Wat beteken dit alles"?*

Het u al ooit na u lewe en wêreldgebeure gekyk en gewonder: “Wat gaan wérklik aan? Wat beteken dit alles?” Honderde verskillende godsdiensgroepe onderrig verskillende idees, tog maak hulle aanspraak daarop dat hulle in dieselfde God glo. Nasies en volke voer oorlog teen mekaar, tog wil die meeste mense net in vrede gelaat word. Miljoene mense is op soek na geld en ledige uurtjies, net om te vind dat hierdie doelwitte onbevredigend is. Ons bestee 'n leeftyd in die strewe na roem en materiële besittings, net om te sterf, vergeet te word en vir andere om ons skatte deur te bring. Baie mense wonder oor die betekenis van die lewe, maar vind nooit die antwoord nie.

Is daar 'n rede waarom die lewe leeg en verwarrend voorkom? Indien daar 'n God is, weet Hy wat aangaan – gee Hy enigsins om? Het God 'n plan of doel wat Hy hier op aarde bewerk, of is ons alleen in die heelal, eindeloos aan die ontwikkel soos ons die stryd om oorlewing van die sterkste gadeslaan? Die Bybel het die antwoorde op hierdie ingewikkelde vrae en die Kerk van God verkondig hierdie antwoorde al vir dekades! Deur die millennia egter, is hierdie vrae, soos vandag, uitgedaag en bespot deur individue wat 'n ander evangelie verkondig. U moet die waarheid *ken* wat in die Skrif onthul word.

**Agtergrond aangeleenthede**

Vir dekades verkondig die Kerk van God deur literatuur, radio-uitsendings en televisieprogramme die feit dat God 'n groot plan en doel op hierdie aarde bewerk. Ons het na 'n 7000-jaar plan verwys wat vir hierdie planeet uitgewerk word. Ons het openlik verklaar dat die Heilige Dae God se plan van verlossing vir die mensdom uitbeeld. Waar het die Kerk hierdie idees gekry? Is daar bewyse om sulke verkondigings te staaf? Kan u hierdie leerstellings vir uself bewys?

Sommige afvalliges het onlangs verklaar: “Daar is geen plan nie.” Hulle onderrig dat die Heilige Dae nie meer vereiste vieringe vir Christene is nie en het gesê dat die Kerk van God foutiewe leerstellings as evangelie verkondig het. Pleks daarvan onderrig hulle dat ons skeppend kan wees in ons benadering van godsdiens, solank ons net die Here “liefhet.” Baie mense het hierdie idees aanvaar sonder om die argumente noukeurig te bestudeer of te vra *waarom* sulke aansprake gemaak word.

Daar moet op gelet word dat Protestante en Rooms-Katolieke teoloë oor die algemeen nie van 'n “plan van God” praat nie. Hulle praat eerder van “leer ken die Here” of “glo in Jesus” of “word gered” of “neem aan” dat God u liefhet en Jesus vir u gesterf het. Maar hul benadering beantwoord baie vrae glad nie. Waarom blyk die lewe vir baie mense so leeg te wees? Waarom laat God toe dat slegte dinge gebeur? Sogenaamde “hoofstroom” teoloë het geen bevredigende antwoorde vir hierdie vrae nie.

Die meeste belydende Christene glo dat daar nie meer van Christene verwag word om die Bybelse Heilige Dae te onderhou nie. Hulle beskou dit as “legalistiese” praktyke wat sogenaamd deur die Nuwe Verbond afgeskaf is. Pleks daarvan, word hul uitgenooi om Kersfees ter viering van Christus se geboorte te vier en Paasfees ter nagedagtenis aan Sy opstanding, hoewel hierdie feeste hul oorsprong in antieke heidense godsdienste gehad het en duidelik deur die Bybel

afgekeur word (sien Deuteronomium 12:29-32; Jeremia 10:1-5)! Indien 'n mens se doelwit *aanvaarding* in die hoofstroom belydende Christendom is, maak dit sin om Bybelse waarhede wat deur die Kerk van God verkondig word, te verwerp en gewilde idees rondom leerstellings te bevorder. Tog het die hoofstroom Christendom die plan van God uit die oog verloor en 'n begrip van die betekenis van die Heilige Dae verloor omdat hulle opgehou het om God se beveelde Heilige Dae te onderhou. Dit sal ook met enigiemand gebeur wat verkies om dieselfde pad te volg.

**Ou Testamentiese teksverse onthul 'n plan**

Bevat die Bybel egter bewyse dat God 'n plan op hierdie aarde bewerk? Baie teksverse in die Bybel maak dit absoluut duidelik dat Hy dít wel doen! Toe God met Abraham begin werk het, maak Hy 'n interessante stelling: "Sal Ek vir Abraham verberg *wat Ek gaan doen*?" (Genesis 18:17-19). Die onmiddellike konteks was die komende straf van die goddelose Sodom en Gomorra. Die boek Genesis dui egter aan dat God aan Abraham die seën bekend gemaak het wat Hy aan Abraham se nakomelinge sou verleen danksy Abraham se gehoorsaamheid. God het *beplan* om Abraham die vader van 'n menigte van nasies te maak (Genesis 17:5), om sy nakomelinge 'n seën vir die mensdom te laat wees (Genesis 18:18), en om hulle soos die sand aan die seestrand te vermenigvuldig en hul besit van die poorte van hul vyande te gee (Genesis 22:15-18). Die Skrif onthul dat God deur Abraham en sy nakomelinge 'n *plan en doel* uitgewerk het.

Die profeet Jesaja is geïnspireer om die besonderhede van God se plan om Satan se invloed, die oorsaak van hierdie wêreld se euwels, te vernietig en die trotse nasie van Assirië dienswillig te maak (sien Jesaja 14:12-25). God sê vir Jesaja: "Dit is *die besluit* wat geneem is oor die hele aarde … want die Here van die leërskare het dit besluit" (Jesaja 14:26-27). Jesaja teken bykomende besonderhede oor God se plan vir Sy uitverkore volk Israel aan: "Maar jy, Israel, my *kneg*, Jakob, wat Ek *uitverkies* het, nageslag van Abraham, my vriend" (Jesaja 41:8). Die Kerk van God is nie die enigste wat verkondig dat God die Israelitiese nasies vir 'n spesiale doel uitverkies het nie. Winston Churchill het eenmaal gesê: "Dit is voorwaar 'n blinde siel wat nie kan sien nie dat hier 'n *groot doel* hier onder uitgewerk word, waarvan ons [die Britse afstammelinge en Amerikaanse nasies] geëer is om getroue dienskneqte te wees."

God het die toekomstige aspekte van Sy plan in breë trekke aan Daniël onthul. Daniël teken aan "daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar … aan die einde van die dae … in die dae van dié konings [gesimboliseer deur die tien tone van die beeld] sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie" (Daniël 2:28, 44-45; sien ook Daniël 7; 9; 11). Die onthulling van bepaalde profetiese gebeure sou doelloos wees tensy God 'n plan gehad het. Profesie onthul dat God inderdaad 'n plan het wat Hy hier op aarde uitwerk.

**Nuwe Testamentiese teksverse onthul 'n plan**

Terwyl sommige mense wat bely dat hulle in Christus glo, ontken dat God 'n plan het, dui die Skrif en Christus se eie woorde op iets heel anders. Mattheus teken aan dat Jesus in hierdie wêreld gekom het en "Sy volk van hul sondes sal verlos" (Mattheus 1:21). Voor Sy kruisiging, maak Jesus die stelling "Maar *hierom* het Ek in hierdie uur gekom" (Johannes 12:27). As 'n seun van 12 sê Jesus aan Sy ouers: "Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie?" (Lukas 2:49). Jesus het geweet dat Hy vir 'n doel na hierdie aarde gekom het. Hy het 'n werk gehad om te doen en 'n plan om te volg. Jesus sê vir Sy dissipels: "My voedsel [sending, doel] is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om Sy werk te volbring" (Johannes 4:34). Voordat Hy aan die kruis gesterf het, bid Jesus tot God: "Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring" (Johannes 17:4). Jesus het Sy sending voltooi. Hy het Sy deel in God se

plan vervul. Hy het die evangelie van die komende koninkryk van God verkondig (Markus 1:14-15), die dissipels geroep en opgelei (Mattheus 10:1-26) en vir ons sondes gesterf. Hy het die volgende fase van God se plan deur die Heilige Gees vanuit die hemel ingelei deur die Nuwe Testamentiese Kerk te stig (Handelinge 2).

Die apostels het duidelik verstaan dat God 'n plan en doel hier op aarde uitgewerk het wat vir die meeste mense in die wêreld verskuil is. Paulus skryf "Maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid … wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie … maar God het dit [hierdie dinge] aan ons deur sy Gees geopenbaar" (1 Korintiërs 2:7-10). Die "verborgenheid" waarvan Paulus skryf is die begrip van die doel van die lewe, die plan van verlossing, die evangelie van die koninkryk van God en die begrip van profesie, wat alles vir die meeste mense, selfs vir die meeste belydende Christene, vandag nog verborge bly.

In sy sendbrief aan die kerk in Efese, verduidelik Paulus dat God "soos Hy ons in Hom [Jesus Christus] uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld … ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem" (Efesiërs 1:4-5). Paulus het bedoel dat God 'n *vooropgestelde plan* het wat die roeping insluit van sommige mense om eers opgelei te word as leiers in Sy komende koninkryk, wat dan op hulle beurt ander sal oplei soos die koninkryk uitbrei om die hele aarde te vul (sien Jesaja 2:2-4; 11:9). Hoewel God se plan vir die meeste mense verborge is, skryf Paulus tog dat dit "na *sy welbehae* wat Hy in Homself voorgeneem het" is (Efesiërs 1:9-12). Hoewel die plan van God vir hierdie wêreld verskuil is, is hierdie kosbare waarheid gegee aan die "gemeente" om "bekend gemaak [te] kan word, volgens die *ewige voorneme*" wat God deur Jesus Christus bereik het (Efesiërs 3:8-11). Die Bybel dui aan dat God selfs misleide individue en nasies gebruik om dele van Sy plan uit te voer. Die tien konings wat hul mag aan die eindtyd dier gee, sal teen 'n groot vals godsdiens draai en dit vernietig "want God het dit in hulle harte gegee om *sy bedoeling uit te voer*" (Openbaring 17:12-17).

Die Skrif toon duidelik aan dat God 'n plan en 'n doel het wat Hy hier op aarde uitwerk. Die Kerk van God onderrig dit vir dekades al. Diegene wat volhou dat daar "geen plan of doel" is nie, is doodeenvoudig *verkeerd* en spreek nie volgens die woord van God nie (Jesaja 8:20). Soos bewys uit die Bybel verkondig hulle leuens wat mense mislei.

**'n 7000-jaar plan?**

Deur die jare heen het die Kerk van God verduidelik dat God 'n 7000-jaar plan het. Hoewel dit nie spesifiek in die Bybel geskryf word nie, word dit deur die geskiedenis en Bybelse ooreenkomstigheid verstaan. In die eerste twee hoofstukke van Genesis lees ons dat God die aarde en alle dinge gedurende die "skeppingsweek" in ses dae geskep het – en op die sewende dag gerus het. In sy aanhaling van Psalm 90:4, tref die apostel Petrus die ooreenkoms dat "een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag" (2 Petrus 3:8). Die apostel Paulus tref 'n geestelike ooreenkoms deur God se rus op die sewende dag van die skeppingsweek met ons rus op die Sabbat en die uiteindelike rus vir die Christene gedurende die Millennium te vergelyk (Hebreërs 4:1-11). Gedurende die millenniale rus sal die heiliges saam met Christus regeer vir 1000 jaar, wanneer die koninkryk van God op aarde gevestig word (Openbaring 20:4-6). Die implikasie van hierdie ooreenkoms is dat God se plan vir die mens 6000 jaar toegeken het om hierdie aarde te probeer regeer, gevolg deur die 1000 jaar regering van Christus en die heiliges.

Die idee van 'n 7000-jaar plan is glad nie die uitsluitlike eiendom van die Kerk van God nie. Die geskiedkundige Edward Gibbon vertel: "Die antieke en gewilde leerstelling van die Millennium is nou gekoppel aan die tweede koms van Christus. Soos die werke van die skepping in ses dae voltooi is, is hul duurte in hul huidige staat, *volgens die tradisie toegeskryf aan die profeet Elia*, vasgestel op sesduisend jaar. Dienooreenkomstig word daar afgelei dat hierdie lang tydperk

van arbeid en stryd [ons huidige tyd], wat nou byna verstreke is, gevolg sal word deur 'n vreugdevolle Sabbat van 'n duisend jaar; en dat Christus, tesame met die triomfantlike groep heiliges en die uitverkorenes wat die dood vrygespring het, of wat wonderbaarlik opgewek is, op aarde sal regeer tot die tyd aanbreek vir die laaste en algemene opstanding" (*Decline and Fall of the Roman Empire*, hoofstuk 15).

**Die Heilige Dae**

Beeld die Bybelse Heilige Dae God se plan uit, soos die Kerk van God onderrig? Presies wat is die waarheid? Wanneer ons vlugtig na elk van die Heilige Dae kyk, sal ons sien wat die Skrif onthul. Die Heilige Dae word in Levitikus 23 beskryf. Hulle word *nie* as "Mosaïese gebruike" of "Joodse tradisies" beskryf nie, maar as "die feestye van die Here" (Levitikus 23:2). Dit word "'n heilige vierdag" (beveelde samekomste) genoem, bedoel vir samekomste wat "'n ewige insetting" sou wees – nie tydelike vieringe totdat Christus kom nie (Levitikus 23:14, 21, 31, 41). Op die Pasga moes 'n vleklose lam geslag word en God sou die volk van Israel van die sondige land Egipte verlos (Eksodus 12:1-14). Die lam simboliseer Christus se dood vir ons sondes (Johannes 1:29; 1 Petrus 1:19). Johannes onthul dat die offerdood van Jesus *beplan was sedert die begin van die skepping* (Openbaring 13:8). Die Pasga moet vir ewig onderhou word ter nagedagtenis aan daardie ontsagwekkende opoffering.

Die Dae van Ongesuurde Brode word jaarliks gevier deur vir sewe dae suurdeeg uit ons diëte en huise te plaas (Levitikus 23:6). Suurdeeg is 'n sinnebeeld van sonde wat, selfs die vroeë Nuwe Testamentiese kerk verstaan het, uit die lewens van Christene verwyder moet word (1 Korintiërs 5:1-8). Dit is waarom Jesus en die Apostels van die nodigheid om te bekeer en sonde te oorwin, gepreek het (Markus 1:14-15; Handelinge 2:38). Bekering en oorwinning van ons neiging tot sonde is 'n wesenlike deel van God se plan van verlossing vir die mens. Viering van die Dae van Ongesuurde Brode herinner ons aan hierdie uitdaging. Ons sal nie net gered word deur te glo dat Jesus uit die maagd gebore is, gesterf het en opgestaan het nie. Ons moet groei en verander namate ons leer om die gebooie van God te gehoorsaam (Johannes 14:15). Die mening dat Jesus alles vir ons gedoen het, is doodeenvoudig nie waar nie. Die idee van geloof *sonder werke* word aantreklik wanneer ons die betekenis van die Heilige Dae – veral van die Dae van Ongesuurde Brode – uit die oog verloor, maar dit is 'n foutiewe konsep (sien Jakobus 2:14-26).

Die Pinksterfees word ook die "fees van eerstelinge" genoem (Eksodus 23:16; 34:22). Christene wat in hierdie tyd voor die vestiging van die koninkryk van God geroep word, staan bekend as "eerstelinge" (Jakobus 1:18; Openbaring 14:4). Hulle behels die klein oes wat God insamel om leraars en leiers in die komende koninkryk te wees. Op Pinksterdag is die Heilige Gees gegee en die Nuwe Testamentiese kerk gestig (Handelinge 2). Die Heilige Gees is aan diegene gegee wat God se opdragte gehoorsaam. Indien die dissipels versuim het om Jesus se opdragte te volg, en nie die gebod onderhou het om die Pinksterdag te vier nie, sou die betekenisvolle gebeure van daardie dag nie kon plaasvind nie. Pinkster is die herdenking van die uitstorting van die Heilige Gees – die krag wat God aan ons beskikbaar maak om ons te help om te oorwin.

Die Fees van Trompetgeskal sluit die blaas van basuine in, maar die Ou Testament gee geen rede en verduidelik nie die betekenis van hierdie praktyk nie (Levitikus 23:24). Die boek Openbaring verskaf die besonderhede wat kortkom. Voor Christus se wederkoms, sal sewe basuine geblaas word om die aardskuddende gebeure aan te kondig wat Sy koms voorafgaan (sien Openbaring 8, 9). Jesus Christus sal met die sewende basuin terugkeer (Openbaring 11:15-19). Die beveelde jaarlikse viering van hierdie fees is bedoel om ons te herinner aan hierdie belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis van die heelal – Jesus se wederkoms na hierdie aarde. Wanneer hierdie fees verwerp of geïgnoreer word,

word belangrike besonderhede rondom hierdie ontsagwekkende gebeurtenis verskuil en vergete gelaat.

Die Versoendag behels 'n seremonie met twee bokke. Die een wat as sondoffer vir die mense se sondes geoffer word, beeld Jesus Christus se offer uit (Levitikus 16:9-19). Die ander bok, die *asásel* genoem, dra die sondes van die nasie en is na die woestyn verban deur 'n geskikte man (Levitikus 16:21-22). Joodse tradisie noem die *asásel* die "vors van gevalle engele" (Satan; sien Esegiël 28:13-19). Die Versoendag is 'n voortdurende herinnering dat Satan – die ware oorsaak van hierdie wêreld se probleme (Efesiërs 2:2; 2 Korintiërs 4:4) – uiteindelik verban sal word (Jesaja 14:16-17; Esegiël 28:19; Openbaring 20:1-3). Dit is 'n baie belangrike deel van God se plan om die oorsaak van boosheid uit die weg te ruim.

Die Loofhuttefees wat volg op die uitbeelding van die wederkoms van Jesus Christus en die binding van Satan, beeld 'n tyd van vreugde uit; 'n tyd van vrede en voorspoed (Levitikus 23:33-40; Deuteronomium 16:13-15), wanneer die heiliges vir 1000 jaar saam met Christus sal regeer (Openbaring 20:4). Dit val saam met die tyd vir die herfsoes en word ook die "fees van die insameling" genoem (Eksodus 23:16; 34:22). Hierdie is die geprofeteerde tyd in God se plan wanneer die wet uit Jerusalem aan die hele wêreld verkondig sal word (Jesaja 2:2-4), wanneer nasies die weg na vrede sal leer, stede herbou sal word (Jesaja 61:4), siektes genees en die omgewing herstel sal word (Jesaja 35:5-7). Alle nasies sal geleer word om hierdie groot fees te onderhou (Sagaria 14:16-21). Dit verbaas dus nie dat Jesus Sy eie dissipels aangespoor het om die Fees volgens Sy voorbeeld te hou nie (Johannes 7:1-14). Die Loofhuttefees bied 'n jaarlikse voorsmaak van en herinnering aan hierdie opwindende tyd, sodat dit nie vergeet word nie.

Die laaste dag van die Fees is 'n aparte vierdag (sien Levitikus 23:39; Johannes 7:37) wat die hoogtepunt van God se plan van verlossing vir die mensdom uitbeeld. 'n Begrip van Openbaring 20 dui aan dat na die 1000 jaar tydperk, 'n groot oordeel sal plaasvind (Openbaring 20:11-12) waartydens almal wat ooit geleef het maar nie die geleentheid gehad het om God te ken nie, opgewek sal word (Openbaring 20:5). In Sy grote genade, beplan God dat alle mense die geleentheid op verlossing moet hê (2 Petrus 3:9). Diegene wat geleef het, maar nie geroep is nie of nie 'n geleentheid gehad het om die evangelie te hoor of verstaan nie, sal hul geleentheid gedurende hierdie tydperk kry. Dit sal nie 'n opstanding tot onmiddellike verdoemenis of beloning wees nie, maar sal 'n tydperk (moontlik 100 jaar – sien Jesaja 65:20) behels waarin die waarheid geleer kan word en die keuse uitgeoefen kan word om dit te onderhou, al dan nie. In God se plan is oordeel nie 'n arbitrêre vonnis nie, maar 'n proses (1 Petrus 4:17) wat die aanleer van regte keuses uitoefen behels (Deuteronomium 30:15-20). Die Laaste Oordeel is 'n jaarlikse herinnering dat diegene wat nie nou geroep word nie, *nie verlore is nie*! Dit is 'n merkwaardige bepaling van God se plan wat Sy genade en regverdigheid onthul.

Hoewel kritici mag volhou dat die Heilige Dae nie meer onderhou hoef te word nie en daar geen groot "plan van God" of doel op aarde uitgewerk word nie, dui die Skrif en gesonde verstand anders aan! Die lewe kom selfs vir die meeste belydende Christene leeg en verwarrend voor, omdat die hoofstroom Christendom opgehou het om die Heilige Dae te onderhou en sodoende God se groot plan uit die oog verloor het. Dit is waarom baie mense tevergeefs na die betekenis van die lewe soek en dit nooit vind nie. Indien u verstand geopen is om hierdie kosbare waarheid te verstaan, moet u dit nie deur u vingers laat glip nie. Moenie mislei word deur slim redenasies nie. Bewys dít wat u as die waarheid ken. Maak seker dat u verstaan wat die Bybel duidelik onderrig. Laat God u gebruik om hierdie wonderlike evangelie aan die wêreld te verkondig. Dít is hoekom u toegelaat is om God se Meesterplan te sien en die doel van die menselewe te verstaan.**§**

# Die doel daarvan om "in Tale te Spreek"

## Deur Phil Sena

*Glo ons dat God altyd met 'n doel optree? Wanneer ons iets in die Bybel sien wat ons nie verstaan nie, soek ons dieper om die doel te vind?*

Dink 'n bietjie na oor die “spreek in tale” verskynsel soos dit in Handelinge 2 opgeteken staan. Was dit net 'n vreemde verskynsel wat nie vandag op ons van toepassing is nie, of onthul dit by nadere ondersoek die gedagtes van God?

Dit is jammer dat die meeste mense se idee van in tale spreek beelde van wilde, chaotiese godsdiensvergaderings oproep waar diegene wat “in die Gees” is eindeloos onverstaanbaar brabbel asof hulle in 'n beswyming is, terwyl andere in epileptiesagtige stuipe rondruk, met hul oë wyd oopgesper nadat hulle hul tot waansin opgewerk het en dieselfde woordgrepe oor en oor herhaal.

Is dit wat Jesus Christus se dissipels op Pinksterdag ondervind het?

Kom ons kyk wat sê die Bybel oor die spreek in tale. Ons sal God se doel met hierdie wonderwerk verstaan wanneer ons die eerste keer wat dit in die Bybel aangeteken staan, ondersoek. Ons sal sien wat die apostel Paulus daaroor te sê gehad het en ons sal vasstel of God vandag nog tale in die Kerk gebruik.

'n Paar dae nadat Jesus Christus in 31 n.C. na die hemel opgevaar het, toe die apostels saam met baie ander in Jerusalem vergader het om Pinksterdag te vier, het ongewone dinge begin gebeur. “En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit” (Handelinge 2:1-3).

Dit was vir almal duidelik dat iets buitengewoon aan die gebeur was. Dit was egter net die begin, asof God die wind en vuur gebruik het om baie mense bymekaar te bring vir dít wat sou volg. “En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek” (vers 4). Hierdie was duidelik nie 'n gewone gebeurtenis nie. Dit was inderdaad 'n belangrike mylpaal in wêreldgeskiedenis – die uitstorting van God se Heilige Gees op 'n groot groep mense vir die heel eerste keer. Jesus se belofte aan Sy dissipels om “'n ander Trooster” te stuur, het waar geword (sien Johannes 14).

Let egter op wat met die uitstorting van die Heilige Gees gepaard gegaan het – spreek in tale. Was hierdie dieselfde spreek in tale wat baie pinksterkerke vandag beoefen? Was dit 'n waansinnige soort gebrabbel wat onmoontlik vir andere is om te verstaan? Dit was, soos ons sal sien, definitief nie!

**Die tale is verstaan**

Ons lees verder in Handelinge: “En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is. En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, *want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek*” (Handelinge 2:5-6). Nie net was die dissipels nie besig om brabbeltaal te praat nie, maar elke persoon het hulle hoor praat in sy of haar moedertaal (vers 8). Let daarop dat dit blyk dat die wonderwerk net soveel in die gehoor as in die praat was.

Dit is interessant om die Griekse woorde te bestudeer wat hier gebruik is. Die woord vir “tale” in vers 4 is *glossa*, wat beteken die taal of dialek wat deur 'n spesifieke groep mense gebruik en onderskei word van ander nasies se tale. In vers 6 is die woord vir “taal” *dialektos*, waarvan ons die Afrikaanse

woord "dialek" kry, wat die taal eie aan sekere mense beteken. Beide woorde impliseer 'n bekende taal, nie 'n vreemde pratery anders as enige bekende taal nie.

Ja, hierdie was 'n buitengewone gebeurtenis wat nog nooit voorheen plaasgevind het nie. Hierdie wonderwerk alleen sou 'n baie indrukwekkende magsvertoon van God gewees het, maar daar steek baie meer in. Hierin, soos met alles wat God doen, was 'n doel.

Om die doel vir die spreek in tale op Pinksterdag te verstaan, moet ons teruggaan na die omstandighede van die Heilige Dag. Met Pinksterdag het baie Jode uit verskillende streke, selfs van ander lande, na Jerusalem gereis. Geen enkele taal kon hulle bymekaar bring nie en die meeste sou nie uit hul eie verkies om die apostel Petrus te hoor preek nie. Maar, saamgetrek na waar Christus se dissipels vergader het deur die opwinding van die geweldige rukwind en die vuurtonge, is hulle aangespoor om te verklaar: "Ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek" (Handelinge 2:11). Só is die doel van die wonderwerk onthul – die verkondiging van die groot dade van God. Nie net kon die mense verstaan wat gesê word nie, maar hulle was ook oortuig deur Petrus se kragtige preek – die aansporing vir ongeveer 3 000 mense om die behoefte te sien vir bekering en om gedoop te word. Hierdie was geen doellose spektakel nie!

As gevolg van die ongelooflike gebeure van daardie dag, het die Kerk 'n entoesiastiese begin gehad. Die spreek in tale het 'n noodsaaklike rol gespeel in die uitvoering van God se wil.

Ons sien 'n soortgelyke doel in twee ander vertellings in Handelinge waar in tale gespreek is. Beide geleenthede toon geen ooreenkoms met hoe "tale" vandag oor die algemeen misbruik word nie.

Die eerste geleentheid het plaasgevind toe Petrus deur die Gees na Cornelius die Romeinse hoofman oor honderd, se huis gestuur is nadat hy die visioen oor die onrein kos gesien het (Handelinge 10:17-23). Nadat Petrus die goeie nuus van Jesus Christus se boodskap aan almal in die huishouding – beide Jode en heidene – verkondig het, sê die Bybel, "het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het" (vers 44). Die Jode wat saam met Petrus was, was verbaas dat die Heilige Gees aan die heidene gegee is. Wat meer is, hulle het diegene op wie die Heilige Gees uitgestort is "gehoor … in tale spreek en *God groot maak*" (vers 46). Dit was nie die ydele gebrabbel deur mense wat hulself tot 'n manie opgewerk het nie. Inteendeel, dit wat deur die tale gespreek is was verstaanbaar en opbouend vir die luisteraars.

Die ander aangetekende gebeurtenis het plaasgevind toe Paulus in Efese was. Hy het gevind dat sommige nuwe bekeerlinge gedoop is, maar nog nooit van die Heilige Gees gehoor het nie. Nadat Paulus hulle die hande opgelê het, het hulle God se Gees ontvang en "met tale gespreek en geprofeteer" (Handelinge 19:6). Die Griekse woord vir "geprofeteer" beteken om onder skielike impuls in welsprekende gesprek te tree om andere te onderrig, te weerlê, tereg te wys, vermaan of vertroos. Dit impliseer ook dat wat gesê is, verstaanbaar en van hulp was vir diegene wat dit gehoor het en nie 'n doellose wartaal was nie.

Uit hierdie vertellings in Handelinge, kan ons sien dat daar ten minste drie gemene faktore is wanneer mense in tale praat: dit gebeur met die uitstorting van die Heilige Gees; daar is altyd 'n groep wat vergader is; en dit wat gesê word, is tot voordeel van die luisteraars.

**Paulus se opdrag aan die Korintiërs**

Die spreek in tale blyk ietwat algemeen te gewees het in die Kerk van die eerste eeu. Paulus verwys daarna as een van God se gawes in 1 Korintiërs 12, tesame met gawes van geloof en genesing. Nie net was tale as 'n gawe beskou nie, maar ook die verklaring daarvan (vers 10).

Paulus het egter 'n geestige opdrag gehad vir diegene wat met hierdie gawe geseën is. Hy skryf eerstens dat die gawe van profesie beter was as om in tale te spreek. "Jaag die liefde na, en beywer julle met die oog op die

geestelike gawes, maar veral om te profeteer. Hy wat 'n taal spreek, stig homself; maar hy wat profeteer, stig die gemeente" (1 Korintiërs 14:1, 4).

Die verskil tussen diegene wat in tale gespreek het en dié wat geprofeteer het, was dat dié wat geprofeteer het, nie tolke nodig gehad het nie. Omdat spreek in tale 'n taal behels het wat onbekend aan die spreker was, kon dit niemand help wat luister indien dit nie verstaan is nie. Paulus sê voorts: "Ek wens dat julle almal in tale spreek, maar nog liewer dat julle profeteer. Want hy wat profeteer, is groter as hy wat in tale spreek, of hy moet dit uitlê, sodat die gemeente stigting kan ontvang" (vers 5).

Paulus het moontlik die behoefte gehad om hierdie punt so sterk te beklemtoon, omdat die spreek in tale so dramaties en indrukwekkend is. Baie wat die gawe gehad het, het sonder twyfel gedink dat dit die mees belangrike gawe was wat 'n mens kan hê. Dit moes 'n baie driftige ervaring gewees het – verbeel u om skielik onder inspirasie van die Heilige Gees in 'n taal te praat wat aan u onbekend is.

Maar Paulus vermaan dat alles gedoen moet word om ander van hulp te wees. "Net so julle ook, as julle met die tong geen verstaanbare woord uitbring nie, hoe sal 'n mens weet wat gespreek word? Want julle sal wees soos mense wat in die wind praat. Daar is wie weet hoeveel soorte tale in die wêreld, en geeneen daarvan is sonder klank nie. As ek dan die betekenis van die klank nie ken nie, sal ek vir die spreker 'n vreemdeling wees, en die spreker sal vir my 'n vreemdeling wees. So moet julle ook, terwyl julle streef na geestelike *gawes*, probeer om uit te munt tot *stigting van die gemeente*" (verse 9-12).

Paulus dui ook aan dat spreek in tale hoofsaaklik bedoel is om nie-lidmate te bereik, soos deur Jesaja geprofeteer is: "In die wet is geskrywe: Ek sal deur mense van ander tale en deur ander lippe tot hierdie volk spreek, en ook so sal hulle na My nie luister nie, sê die HERE. Die tale is dus 'n teken nie vir die gelowiges nie, maar vir die ongelowiges; die profesie egter is nie vir die ongelowiges nie, maar vir die gelowiges" (verse 21-22).

Paulus bring die doeltreffendheid van tale in teenstelling met profesie, om te wys dat selfs diegene wat nie lidmate is nie, meer kan put uit iets wat hulle verstaan. Maar 'n kombinasie van die twee gawes kan 'n kragtige getuienis wees vir 'n ongelowige; hom selfs tot die punt van bekering bring: "As die hele gemeente dan saam vergader het en hulle sou almal in tale spreek en daar kom onkundiges of ongelowiges binne, sal hulle nie sê dat julle kranksinnig is nie? Maar as almal profeteer en daar 'n ongelowige of 'n onkundige binnekom, dan word hy deur almal oortuig, deur almal beoordeel; en so kom die geheime van sy hart aan die lig. En so sal hy op sy aangesig val, God aanbid, en verkondig dat God werklik onder julle is" (verse 23-25).

Verder beklemtoon Paulus dat die kerkdiens op 'n ordelike wyse moet plaasvind en dat een met 'n gawe van tale nie moet spreek indien niemand kan tolk nie: "Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging – laat alles tot stigting geskied. En as iemand in 'n taal spreek, laat dit dan wees twee of hoogstens drie, en by beurte; en laat een dit uitlê. Maar as daar geen uitlêer is nie, laat hy in die gemeente swyg; en laat hy met homself en met God spreek. Want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges" (verse 26-28, 33).

Die punt is duidelik: om in tale te spreek, is nie bedoel om 'n doellose vertoon te wees nie. Die gawe was om ander mense van hulp te wees, veral diegene wat ongelowig was. In kort was dit nog 'n manier om die evangelie te verkondig.

**Vandag nodig?**

Waarom spreek ons nie vandag in die Kerk in tale nie? Omdat God bykomende metodes het om die evangelie te verkondig, omdat Sy dienaars nou tegnologie kan gebruik om die doel te vervul wat tevore slegs deur in tale te spreek, bereik is. Met die instrumente van massa-kommunikasie kan

ons televisie- en radioprogramme en die geskrewe woord met gemak in verskillende tale vertaal en versprei, hulpmiddels wat nie aan diegene van die eerste eeu beskikbaar was nie.

Onthou ook dat Jesus Sy Kerk toe pas gestig het. Daar was geweldige opwinding vir diegene wat getuies van hierdie wonderwerke was – tot so 'n mate dat daar altyd 'n groterige gevolg was, waar Jesus ook al Sy volgelinge geïnspireer het om te gaan. Dit was 'n doeltreffende manier vir die evangelie om 'n groot indruk te maak op elkeen wat dit gehoor en die meegaande wonderwerke gesien het.

Meer nog, is dat God se Woord nou al in bykans elke taal bekend aan die mens, vertaal is. In die Bybel is alles wat nodig is vir 'n mens om berou te hê en tot bekering te kom. Die nodigheid om in tale te spreek om die groot werke van God te verkondig, is onnodig weens die wye beskikbaarheid van die Bybel.

Soos ons gesien het, was die spreek in tale 'n baie kragtige instrument wat God gebruik het om baie mense tot bekering te bring. Diegene wat hierdie gawe gehad het, het nie dieselfde onbeheerde vertoon van emosionele vurigheid beleef as wat vandag in sommige godsdienskringe voorkom nie.

God is nie wispelturig nie – Hy het 'n doel met alles wat Hy doen. Hy gebruik verskillende metodes op verskillende tye, maar Sy doel bly dieselfde. Laat ons dankbaar wees vir 'n geleentheid om in hierdie tyd deel van daardie doel te wees, op welke wyse Hy ook al verkies.§

**Bestaan daar werklik 'n duiwel? (Vervolg vanaf bladsy 12)**

hê. God sal ons teen alle boosheid beskerm. Die modelgebed in Mattheus 6 onderrig ons om te bid: “En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan u behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen.” God sal u van die bose een beskerm en red, mits u hom vra – mits u die Koninkryk van God kies en die koninkryk van Satan verwerp. Soos Hy die apostel Jakobus geïnspireer het om te skryf: “Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader” (Jakobus 4:6-8).

Hierdie is twee sleutel punte om te onthou in ons stryd teen Satan. God het hierdie beloftes gemaak. U hoef nie toe te gee aan neerdrukkende invloede en gevoelens nie. Moenie swig voor die versoekings wat Satan na u kant toe gooi nie! Weerstaan! En beweeg nader aan God. Gaan op u knieë en bid tot u Vader in die hemel. Bestudeer die Bybel, God se Woord en volg die instruksies wat daarin vervat word. Toe Jesus Satan se versoekings trotseer het, het Hy die duiwel beveg deur die Bybel aan te haal. Jesus het hierdie teksverse as wapens gebruik. U het hulle ook nodig!

Die apostel Paulus vertel ons om geestelik gewapen te wees. “Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly” (Efesiërs 6:10-13).

U het die volle wapenrusting van God nodig. Indien u met hierdie wapenrusting uitgerus is, kan u die stryd wen. Satan stry vir u verstand, u karakter en u gees, maar met God aan u kant, kan u hom oorwin. Ken u vyand. Ken sy strategieë. Soos die apostel Paulus skryf, “ons is met sy planne nie onbekend nie” (2 Korintiërs 2:11).

Kan u die duiwel werklik oorwin? Ja, u kan, indien u die swaard van die Gees – die Woord van God – gebruik en volgens daardie woord leef. Toe Jesus Satan weerstaan het, sê Hy: “Daar is geskrywe: Die mens

**Vervolg op bladsy 26**

# Moenie mislei word nie

**Deur Douglas S. Winnail**

*Bybelse beginsels om te keer dat u mislei word!*

Een van die Bybel se duidelikste waarskuwings behels die gevaar van godsdiensmisleiding. Jesus sê: "Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! [Ek is 'n Christen, of 'n predikant van Christus] en hulle sal baie mense mislei" (Mattheus 24:4-5). Die apostel Paulus het gewaarsku dat daar voor Christus se wederkoms 'n groot afvalligheid sal kom en dat *baie mislei* sou word omdat hulle die waarheid nie liefgehad het nie (2 Thessalonicense 2:3, 10-11). Paulus maak ook die stelling dat die tyd sal kom wanneer mense "die oor sal afkeer van die waarheid" en *hulle sal wend tot fabels* (2 Timotheus 4:34). Die apostel Petrus skryf: "Daar was ook valse profete onder die volk ... wat verderflike ketterye heimlik [subtiel] sal invoer …met verdigte woorde voordeel uit julle trek" (2 Petrus 2:1-3). Hierdie profetiese waarskuwings het 'n ontnugterende werklikheid geword!

Vir baie mense vandag is die grootste dilemma om vas te stel *waar* God werk. *Wie* verkondig die waarheid? *Wie* moet u glo? Meer as 200 splintergroepe het in onlangse jare uit die Wêreldwye Kerk van God afgestig. Voeg hierby die meer as 600 kerklike organisasies wat deur die Protestantse Hervorming voorgekom het wat die Katolieke Kerk laat versplinter het. Al hierdie groepe *maak aanspraak daarop* dat hulle kinders van God is wat die goddelike waarheid verkondig. Kan *al* hierdie groepe wat oor verskeie leerstellinge verskil, reg wees? Die Bybel vertel ons dat *Christus nie verdeeld is nie* en dat ware Christene "almal eenstemmig" moet wees en "verenig moet wees in dieselfde gesindheid en in dieselfde mening" (1 Korintiërs 1:10). Die geestelike chaos van ons tyd toon aan dat baie mense duidelik mislei is, maar hoe kan u *weet* wie reg en wie verkeerd is? Hoe kan *u* voorkom dat u mislei word? Hoe kan u u pad deur die gevaarlike waters van misleidende godsdiens-idees vind, wanneer dit *voorkom* asof hulle almal op die Bybel gegrond is? Waarom laat God toe dat soveel verwarring bestaan? Ons sal hierdie belangrike vrae in die artikel beantwoord.

**'n Fundamentele misleiding**

Een van vandag se grootste misleidings is dat u gered is indien u *in Jesus glo*. Hierdie idee is geskoei op 'n verkeerde begrip van beide God en die Bybel. Baie mense glo in Jesus, maar verstaan nie werklik die Bybel of onderhou God se gebooie nie. Tog onthul die Bybel dat slegs diegene wie God *roep* die Skrif en die Plan van God sal verstaan (Johannes 6:44; 65). Ons word ook vertel dat God nie vandag groot getalle mense roep nie (1 Korintiërs 1:26-27) en dat van diegene wat geroep word, net 'n *paar* uitverkies sal word (Mattheus 20:16). Diegene wat verkies is om onder die eerstelinge in die Koninkryk van God te wees, moet *getrou* wees (Openbaring 17:14). Hulle moet voorkom dat hulle mislei word en moet vasstaan tot die einde toe (Mattheus 24:11-13). Hulle moet hindernisse oorkom en uithou deur beproewinge (Openbaring 3:10-12). Hulle moet koers hou en die wedloop voltooi (1 Korintiërs 9:24-27). Indien ons mislei is of gereeld versuim om die toetse en beproewinge wat ons teëkom te oorkom, sal ons nie 'n loon ontvang nie. Die Bybel onthul dat om 'n Christen te word, *meer* behels as om *eenvoudig* in Jesus te *glo*! Ons moet ook verstaan hoe God werk in die lewens van diegene wat Hy roep.

**God toets diegene wat Hy roep**

Toe God vir Abraham geroep het, het Hy hom uitgedaag "Lewe naby My en wees opreg!" (Genesis 17:1 NV). Abraham se uitdaging was om te leer om volgens God se instruksies te leef en om goddelike besluite te neem. Jesus het dieselfde opdrag aan Sy dissipels gegee (Mattheus 5:48). God het Abraham in verskeie omstandighede getoets (Genesis 22:2,12). Op grond van hierdie toetse kon God Abraham se karakter en ware prioriteite onderskei (Genesis 18:19). God was besig om Abraham voor te berei vir 'n baie groot verantwoordelikheid – om die Vader van 'n nasie te word wat God wou gebruik as 'n voorbeeld vir die ganse mensdom (Genesis 12:1-3; Deuteronomium 4:1-10). Voordat Hy aan Abraham hierdie ongelooflike geleentheid kon gee, moes God weet dat hy die regte besluite sou neem.

God het op 'n soortgelyke wyse met antieke Israel gehandel. Hy het die Israeliete oor die kwessie van die Sabbat getoets – of hulle dit sou onderhou volgens Sy instruksies (Eksodus 16:4). Hy het Mirjam en Aäron, die leiers wat die naaste aan Moses was, getoets (Numeri 12). Hy het die hele vergadering van Israel (Numeri 14) en die leiers onder Moses (Numeri 16) getoets om te sien of hulle God se aangewese regeringstruktuur sou volg. In alle gevalle het hulle die toets gefaal en hul lewens verloor omdat hulle mislei was. God het ook die Israeliete gewaarsku dat hulle vals leraars moes uitken en hul misleidende idees moes verwerp (Deuteronomium 13:1-4). Ons moet hierdie selfde lesse leer. Dít is deel van God se doel vir die mensdom (Deuteronomium 30:15-20). God begeer dat ons wysheid en karakter ontwikkel sodat ons bevoeg sal wees om saam met Jesus Christus te regeer. Toekomstige leiers in die koninkryk van God moet noodsaaklike toetse slaag (1 Petrus 4:12-19). Ons kan nie bekostig om mislei te word nie!

Die Bybel onthul verskeie aspekte van God se toetsprogram. God *toets ons* deur te sien hoe ons in ware lewensituasies optree – deur waar te neem watter besluite ons neem as ons voor 'n keuse staan. Ons moet *onsself ook ondersoek* (1 Korintiërs 11:28-32). Dít is 'n noodsaaklike deel van die Pasga en Dae van Ongesuurde Brode. Deur die tyd te neem om ons gedagtes, gesindhede, idees, motiewe en prioriteite met die standaarde wat God in die Bybel uitlê te vergelyk, kan ons meer van God se gedagtes ontwikkel. Ons kan onsself maklik om die bos lei indien ons nie gereeld selfondersoek doen in die lig van God se Woord nie. Om te voorkom dat ons mislei word, moet ons *idees* wat ons van andere kry *evalueer*. Paulus vermaan Christene: "Beproef alle dinge; behou die goeie" (1 Thessalonicense 5:21). Johannes waarsku: "Glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan" (1 Johannes 4:1). Die vroeë Kerk moes onderskei tussen ware apostels en bedrieërs (Openbaring 2:2). Ons staar dieselfde situasie vandag in die gesig. U kan nie bekostig om deur bedrieërs mislei te word wat hulle as apostels, profete en predikante van God voordoen nie. Maar hoe kan u sodanige besluite neem? Watter riglyne kan u gebruik? Die Bybel gee ons baie advies!

**Fokus op die waarheid**

Jesus het die stelling gemaak dat 'n huis wat op soliede klip gebou is, beproewings sal deurstaan, maar 'n huis wat op sand gebou is, sal meegesleur word (Mattheus 7:24-29). Die punt wat Hy gemaak het was dat indien ons ons oortuigings solied op die Bybel grond, ons sal seëvier, maar indien ons op ons eie idees staatmaak, ons mislei sal word. Jesus sê: "U woord is die waarheid" (Johannes 17:17). Paulus skryf: "Die *hele Skrif* is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid" (2 Timotheus 3:16). Tog twyfel baie mense vandag oor die egtheid asook die gesag van die Bybel, as gevolg van die invloed van skeptici in ons wêreldlike samelewing. Bybelse teksverse word in twyfel getrek en verwerp wanneer hulle nie saamstem met ons eie menings nie. Dit lei tot verwarring oor godsdiens-idees. Radio, televisie en die Internet, het die supermark vir

selfaangewese godsdiensleraars geword. U kan egter voorkom dat u mislei word deur eenvoudige, tog op die man af, vrae te vra.

Beveel die Bybel ons om Kersfees en Paasfees te onderhou of is dit heidense praktyke wat vermy moet word (sien Jeremia 10:1-4)? Het Jesus en die apostels die Sabbat en Heilige Dae onderhou, of het hulle Sondag onderhou (sien Lukas 4:16; Handelinge 17:2; 1 Korintiërs 5:7-8)? Het Jesus se evangelie gehandel oor die komende koninkryk van God of net oor Sy lewe, dood en opstanding (sien Markus 1:14-15)? Het die Kerk dieselfde evangelie gepreek, of 'n ander een (sien Handelinge 8:12; 28:23, 31)? Gaan gelowiges hemel toe wanneer hulle sterf (sien Handelinge 2:34; 13:36)? Het mense 'n onsterflike siel (sien Esegiël 18:4, 20)? Word die term *Drie-eenheid* in die Bybel aangetref? Word sondaars vir ewig gekasty of word hulle eenvoudig verbrand (sien Maleagi 4:1-3)? Is die Heilige Gees 'n persoon of die krag van God (sien Handelinge 8:18-19)? Ontvang alle belydende Christene die Heilige Gees, of word dit slegs met bekering, doop en die oplegging van hande aan diegene wat God se opdragte *gehoorsaam* gegee (sien Handelinge 2:38; 5:32; 8:14-19)? Het ons vandag 'n bediening nodig, of is elkeen 'n predikant (sien Titus 1:5-11; 1 Timotheus 3; Efesiërs 4:11-12)? Moet ons regering in die kerk hê (sien Handelinge 15)? Is dit skriftuurlik vir die kerk om hul eie leiers te kies deur te stem vir die gewildstes of voorsien God ander wyses (sien Numeri 14:1-10; vergelyk Handelinge 6:1-4 met Eksodus 18:17-26; Galasiërs 1:15-16; 2:7-8)? Is dit belangrik om die identiteit van die Israelitiese nasies te ken (sien Genesis 48; 49; Esegiël 3; 33; hersien ook die boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*). Is hierdie konsep vir die Nuwe Testamentiese Kerk belangrik (sien Mattheus 10:6)? Wat is die ware doel vir die menslike lewe (sien Romeine 8:14-18; 1 Johannes 3:1-3)?

Uit die Skrif kan u die waarheid aangaande al hierdie sake bewys! U moenie mislei word deur die teenstellende idees wat u hoor nie. U moet uself vra *waar* u eerste die waarheid aangaande elk van hierdie onderwerpe geleer het en *wie* hierdie waarhede steeds duidelik en kragtig preek? Kan u agterkom wie begin het om hierdie waarhede prys te gee, te verander en te verwerp? Indien u sulke individue of organisasies volg, sal u mislei word! Jesus vertel Sy dissipels: "Julle sal die waarheid ken en die waarheid sal julle vrymaak" (Johannes 8:32). U kan voorkom dat u mislei word deur op die waarheid gefokus te bly, die waarheid te bewys en daaraan vas te kleef. God se Waarheid verander nie – dit is die soliede klip waarop ons moet bou!

**Omskryf die sending**

Baie mense is vandag verwar en mislei oor *waarom* ons geroep is en *wat* ons as Kerk moet doen. Individueel is ons geroep om te leer om te leef "van elke woord wat deur die mond van God [die Bybel] uitgaan" (Mattheus 4:4)! Ons moet "ligte" vir die donker wêreld wees en die mensdom die behoorlike manier van leef wys (Mattheus 5:14). As Christene moet ons "toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus" (2 Petrus 3:18). Ons uitdaging is om te leer om in elke situasie te dink en op te tree soos Jesus sou doen – om die gesindheid van Christus te ontwikkel (Filippense 2:5). Jesus het nie met God gestry of probeer om rondom die duidelike bedoeling van die Skrif te redeneer nie – Hy het Sy Vader se opdragte uitgevoer (Filippense 2:8), want Hy het geweet dat dit die beste was (Deuteronomium 4:40; Spreuke 3:1-2). Baie mense vandag is mislei om te glo dat hulle God se opdragte in die Bybel kan *verwerp* – *indien* hulle voortgaan om te bid, kerk toe te gaan en vriendelik te wees met ander mense! Die Bybel noem dit geveinsdheid (Romeine 2:17-24; Jakobus 2:10)! Ons moet hierdie misleiding vermy.

Die *Bybelse sending* van die Kerk word duidelik gestel: verkondig die goeie nuus van Christus se opoffering vir ons sondes (Mattheus 1:21) en verkondig die evangelie van die

komende koninkryk van God (Markus 1:14-15; 16:15; Handelinge 8:12). Die evangelie moet as *getuienis* verkondig word – om die nasies te laat weet wat aan die kom is – hoewel baie mense nie sal glo wat hulle hoor nie (Mattheus 24:14). Die Kerk het ook die verantwoordelikheid om die kudde te voed – om diegene wat nou geroep is te leer om volgens elke woord van God te leef (Johannes 21:15-17). Nog 'n aspek van die Kerk se sending is om *die wêreld te waarsku* teen die ontnugterende gebeure wat die einde van hierdie tyd en die wederkoms van Christus sal aandui (sien Mattheus 24; Markus 13; Lukas 21). Dít is 'n hooftaak van God se eindtyd Werk (sien Esegiël 3; 33). Naastehulp, vriendelikheid en welwillendheid in die gemeenskap is goed en wel, maar dit kan nie God se duidelike sending vir Sy Kerk vervang nie! Om aan te neem dat ons uit hierdie duidelik omskrewe sending kan kies en keur, is om misleiding te bevorder. U moet uself vra: wat doen *u* en die groep waaraan u behoort? Is u op die sending gefokus wat God omskryf het, of is u *mislei* en besig om u eie ding te doen?

**Ken u vyand!**

Die Bybel onthul dat Satan die oorheersende invloed op hierdie wêreld is wat almal wat hy kan, *verblind, mislei, verdeel en bedrieg* (2 Korintiërs 4:4). Dit wil blyk dat baie Christene vandag dink dat hulle immuun is teen Satan se invloed omdat hulle in die Kerk "geroep" is, tog vertel Petrus ons: "Wees nugter en waaksaam, want *julle teëstander*, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en *soek wie* hy kan verslind" (1 Petrus 5:8). Petrus het uit ondervinding gepraat, want hy is op verskeie geleenthede deur sy eie idees en deur na die verdwaalde idees van andere te luister, mislei (sien Mattheus 16:21-23; Galasiërs 2:11-14). Paulus waarsku die Kerk dat "wrede wolwe onder julle sal inkom … wat verkeerde [misleidende] dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan" (Handelinge 20:29-30). Paulus was bekommerd dat die mense mislei sou word deur vals leerstellings wat deur vals leraars versprei is wat *aanspraak maak* dat hulle leraars van Jesus Christus is – maar in werklikheid *engele van Satan* is (2 Korintiërs 11:1-15). Satan se pogings en aktiwiteite skep verwarring en misleiding (1 Korintiërs 14:33).

Wanneer u die verwarring rondom leerstellinge oorweeg wat die kerk en samelewing vandag deurtrek, moet dit duidelik wees *wie* hierdie probleme veroorsaak! Sommige van die misleidende idees wat deur die kerk die rondte doen sluit in:

Die Werk is verby; slegs mnr. Armstrong is opdrag gegee om die evangelie te verkondig.

Ons hoef nie vandag 'n bediening of regering in die kerk te hê nie. Ons kan ons eie leiers kies, omdat ons almal predikante is – ons hoef nie dat God daardie besluite neem nie.

Dit is aanvaarbaar om Sondag, Paasfees en Kersfees te onderhou as ons almal opreg is in ons harte.

Daar is ware Christene wat nie die Bybel verstaan of die gebooie onderhou nie.

God se mense hoef nie oor basiese leerstellings saam te stem nie en individue kan vir hulself oor leerstelling besluit, gegrond op hul eie gevoelens.

Ons het nie nodig om die Pasga op 14 Nisan te onderhou nie, hoewel die Bybel daardie datum spesifiseer.

Ons kan besluit watter kalender om te volg, gegrond op ons eie redenasies.

Ons het nie meer nodig om tiendes te betaal nie; die dieet-wette is nie meer van toepassing nie; daar is geen plek van veiligheid gedurende die verdrukking nie; begrip van die identiteit van nasies is onnodig om profesie te verstaan; almal sal gered word.

Die lys kan aangaan, maar dit wys wat gebeur wanneer ons mislei word om dít wat die Bybel duidelik stel, te ignoreer. Om te voorkom dat ons mislei word, moet ons die vrugte van misleiding en diegene wat hierdie misleidende idees aanmoedig, herken (1 Petrus 5:9; Efesiërs 6:11). Jesus sê dat ons vals leraars deur hul vrugte sal herken en Hy waarsku dat menige belydende Christene eintlik mislei is omdat hulle nie hul vyand en sy metodiek herken nie (Mattheus 7:15-23)!

**Dink krities**

Baie mense neem aan dat Christenskap net oor liefde, vertroue, geloof en hoop gaan. Tog waarsku Jesus Sy dissipels om "versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe" te wees, omdat hulle te doen sal hê met "wolwe" wat daarop uit is om te mislei en vernietig (Mattheus 10:16). As Christene moet ons leer om te dink – *krities te dink*! In Spreuke word ons vertel: "Iemand wat in 'n regsaak eerste praat, is altyd onskuldig, maar dan kom iemand anders en ondervra hom" (Spreuke 18:17 NV). Dit is waaghalsig om die eerste idee wat u hoor of boek wat u lees te glo! Ons moet vra: wie is hierdie mense wat idees promoveer of boeke en artikels skryf? Waar kry hulle hul gesag? Wat is hulle geskiedenis? Hoe het God hulle oor die jare gebruik? Baie van Jesus se luisteraars was vertroud met Sy agtergrond (Markus 6:3). Petrus en Paulus het hul name en persoonlike geskiedenis openlik bekend gemaak vir almal om te oordeel (sien Galasiërs 1:11-24; 2 Petrus 1:16-19). Indien u die een of ander groep wil volg, moet u iets van hulle weet en waar hulle hul idees vandaan kry – anders loop u die risiko om mislei te word!

Die Bybel maak ook die stelling: "As daar nie goeie oorleg is nie, val 'n volk; maar in die veelheid van raadgewers is redding" (Spreuke 11:14). Indien u advies soek en geskikte bronne nagaan voordat u tot 'n gevolgtrekking kom, kan u voorkom dat u mislei word. Moenie net die nuutste idee glo wat u hoor of op skrif sien nie. Kyk wat kritici te sê het voordat u dit koop! Stel vas wat geldig is en wat nie. Wees waaksaam vir die feit dat ons trots ons wil laat glo dat ons geen hulp nodig het nie – dat ons alles op ons eie kan uitredeneer! Dit is 'n voorskrif vir mislukking wat net dwase navolg (Spreuke 12:1, 15). Paulus adviseer Christene om alles *versigtig op te weeg* – hy sê nie "glo maar net" nie (1 Thessalonicense 5:21). Petrus waarsku dat Paulus se geskrifte *buite konteks verdraai* sou word deur onkundige en ongebalanseerde individue (2 Petrus 3:16). Dit is leersaam dat diegene wat met die Sabbat, Heilige Dae, dieetwette en baie ander leerstellings wil wegdoen, *Paulus se geskrifte gebruik* om hul punt te bewys – ten spyte van Petrus se duidelike waarskuwing! Ons moet waaksaam wees hiervoor. Om te voorkom dat ons mislei word, moet ons leer om krities te dink. Dit is deel van 'n Christen se verantwoordelikheid.

Vriende, God vertel ons dat Satan die hele wêreld mislei het (Openbaring 12:9). Hy het Eva mislei en Adam sy leierskapsposisie laat ontduik. Hy het Petrus mislei en Paulus bedrieg voor sy roeping. Hy het Ananias en Saffira aangemoedig om leuens te vertel en gevolglik te sterf (Handelinge 5:1-11). Hy het onmin gesaai tussen Paulus en Barnabas in 'n poging om die verkondiging van die evangelie te verhoed (Handelinge 15:36-41). Satan en dié waarin hy geslaag het om te beïnvloed, het deur die jare verwoesting gesaai onder die ware gelowiges. As Christene moet ons in staat wees om hulle bedrieglike metodes te herken en weerstaan. Dit is waarom God duidelike waarskuwings en nuttige beginsels in die Skrif voorsien. Ons uitdaging is om hierdie inligting te gebruik sodat ons kan voorkom dat ons mislei word!**§**

**Bestaan daar werklik 'n duiwel? (Vervolg vanaf bladsy 21)**

sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Lukas 4:4).

Die krag van God se Woord in u kan Satan oorwin. Die apostel Johannes skryf: "Ek het aan julle geskrywe, jong manne, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het" (1 Johannes 2:14).

God sal aan u die oorwinning deur Jesus Christus gee – u *kan* boosheid oorkom. En die Skeppergod sal Satan en sy demone vir ewig verban. Hulle sal deur Jesus Christus en Sy getroue dienaars vervang word in die komende Koninkryk van God.

U kan gemoedsrus hê. Handel volgens die opdragte in u Bybel, en met die hulp van u Verlosser, kan ook ú Satan oorwin.**§**

**Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)**

ook GEEN ANDER NAAM onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie" (Handelinge 4:12).

U moet verstaan dat – indien u gewillig is om die duidelike woorde van die Bybel te aanvaar – mense nie waarlik "Christene" is bloot omdat hulle die "naam" van Jesus Christus bely nie. Die meeste algemene godsdienste het PRESIES DÍT gedoen! Want hulle heg gedurigdeur Jesus se naam aan ALLERLEI onbybelse idees en oortuigings. Jesus sê egter duidelik: "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46). Jesus benadruk dit weereens toe Hy baie duidelik sê: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!"(Mattheus 7:21-23).

Het u dus eerlikwaar en objektief die tyd geneem om te BEWYS wat Jesus Christus werklik onderrig het? Is u bereid om te HANDEL volgens daardie bewyse sodra dit in u verstand duidelik raak? Of is u ook soos die meeste mense, wat te bang is om die Waarheid te aanvaar omdat dit hul families, vriendskappe, werk of "sosiale stand" mag raak? Is u dalk onbewustelik 'n bietjie soos die Fariseërs van Jesus se tyd? "Want hulle het die EER van die mense meer liefgehad as die eer van God" (Johannes 12:43).

Ek weet dat baie van u wat hier lees predikante of een of ander tipe godsdiens-onderrigters is. Dit is vir u ewige lewe – EN VIR ALMAL VAN ONS – belangrik om die woorde en ervaringe van 'n groot predikant wat ek gaan aanhaal te verstaan, wat 'n soortgelyke dilemma in sy lewe beleef het oor bereidwilligheid om op te staan vir die WAARHEID, ongeag of dit sy professionele of sosiale stand sou skaad. In volume 1 van sy Outobiografie, bl. 528, skryf Herbert W. Armstrong:

> Ek weet van evangeliste wat waarskynlik opreg is in hulle veronderstelling dat hulle God dien – en wat graag vry sou wou wees om baie waarhede te verkondig wat hulle nou terughou. Hulle redeneer min of meer as volg: "Indien ek verder gaan en daardie dinge verkondig, sal ek al my ondersteuning verloor. Ek sal uit die bediening gesit word. Dan kan ek NIKS verkondig nie. Dit is beter om God te dien deur soveel moontlik van die Bybelse waarheid te verkondig, eerder as om verhoed te word om enigiets te preek."
>
> Hulle maak staat op die finansiële ondersteuning van MENSE, of organisasies van mense. Enigiemand in daardie moeilike posisie is die DIENAAR van MENSE en NIE van God nie, of hulle dit besef aldan nie.
>
> In die herfs van 1933 het 'n man my tromp-op geloop terwyl ek in die gruispaadjie tussen die Firbutte- en Jeans Skool gestap het.
>
> "Jy sal nie ver kom nie," het hy gesê. "Jy preek die egte waarheid van die Bybel. Dit affronteer mense. Die Bybel is soos 'n skerp tweesnydende swaard. Dit sny – dit vermaan, korrigeer, dit wys tereg – mense sal nie daardie soort prediking steun nie! Jy sal nie ver kom nie."
>
> Ek het egter nie op MENSE se steun staatgemaak nie. Indien mense my betaal het, sou ek mense moes dien. Indien ek God wou dien, moes ek uitsluitlik na God kyk vir steun!
>
> Natuurlik werk God deur menslike instrumente. Maar ek moes op God staatmaak om dit in mense se harte te lê om die soort prediking te steun wat

Jesaja 58:1 gehoorsaam, naamlik om HARD uit te roep – my stem te verhef en die mense hul SONDES uit te wys!

Elkeen van ons moet dit wat ons werklik glo aan onsself BEWYS. God se Woord vertel ons herhaaldelik dat Satan die duiwel "die hele wêreld VERLEI" (Openbaring 12:9); dat Satan binnekort gebind sal word "sodat hy nie meer die nasies kan MISLEI ... nie" (Openbaring 20:3 NV); dat Satan die "god" is van die huidige era wat diegene wat nie glo nie, VERBLIND (2 Korintiërs 4:4) en dat Satan valse predikers het wat 'n "ander Jesus", 'n "ander gees" en 'n "ander evangelie" sal voorhou (2 Korintiërs 11:4).

Wanneer ewige lewe ter sprake is, moet ons SEKER wees. Ons moet dus na God uitroep vir werklike begrip. Dan moet ons bereid wees om die Waarheid te volg, waarheen dit ons ook al lei. Met God se hulp sal elkeen van ons regte geloof en MOED moet uitoefen om dit wel te doen.




# Wêreld van Môre
# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en vermeld dat u navraag doen**
**na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**

**Hierdie kursus, soos ook al ons ander publikasies, word gratis en sonder enige verpligting aan u gestuur.**